Chemists PLUS apteek
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 2 17 FEBRUARIE 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# CHRISTEN-AFRIKANERS DIEN MET DURF

## PROF TJAART INGEHULDIG

**Ná nege maande in die rektorstoel is prof. T. van der Walt verlede Vrydagaand op 'n kongregasie van die universiteit, waar vyftien van die sestien Suid-Afrikaanse universiteite verteenwoordig was, as rektor ingehuldig.**

Prof. Van der Walt het in sy inougurele rede gesê dat die P.U. vir C.H.O. vier basiese karaktertrekke het.

### KARAKTER

Die universieit is nie 'n klinies-onpersoonlike inrigting nie. Dit dra 'n *onvoorwaardelik-Christelike* karakter wat die adel daarvan is. Die universiteit is in beginsel onverbiddelik konserwatief en juis dit bring mee dat die inrigting in die praktyk progressief kan wees. Die PUK is nie wêreldvreemd nie, maar ook nie verwêreldlik nie. Soos op alle terreine moet die Skrif ook die universiteit regeer. Om onvoorwaardelik Christelik te wees, stel 'n eis, maar dit is ook 'n genade van die Here.

Die P.U. vir C.H.O. het 'n uitgesproke, onaangetasde en *onbeskaamde Afrikaanse* karakter wat egter nie bo die Christelike sy gestel word nie. Ons is Christelik èn Afrikaans, maar eers Christelik en dan Afrikaans.

Die universiteit is 'n *akademiese diensgemeenskap.* Daar moet 'n gesinskarakter op die P.U. wees. Die personeel moet saamwerk. Die studente moet soos 'n gesin wees. Daar moet goeie kontak tussen dosente en studente wees. Die universiteit moet die wetenskap, die student en die gemeenskap dien, onder andere deur navorsing. Uitsprake moet getuig van 'n stewige akademiese onderbou.

*Toekomsdurf* is noodsaaklik omdat daar moeilike jare vir die universiteit voorlê. Ons mag nie vir ons probleme weghardloop nie. Die tyd waarin ons leef, is geen krisistyd nie, maar 'n stroomversnelling wat meebring dat daar goed onderskei moet word tussen die fundamentele en die res.

### UITBOU

Dié besondere karakter van die P.U. vir C.H.O. kan slegs bly staan en uitgebou word as die wil daar is. Daar moet telkens getoets word aan die beginsel: "bring iets my nader aan Christus, of nie?" Vakke soos Interfakultêre Wysbegeerte en Wetenskapsleer moet verder uitgebou word. Dit verhoed dat daar wetenskaplike barbare van studente gemaak word.

Bande met kerke en die weermag moet verstewig word.

Prof. Van der Walt het verder sekere ontwikkelings in die vooruitsig gestel: beter administrasie, 'n beter rekeningafdeling, 'n dataverwerking- en interne ouditafdeling. Die bouprogram moet voltooi word en die terrein moet netter gemaak word. 'n Eie kampterrein is noodsaaklik. Aangesien daar egter finansiële probleme is, moet bestaande fasiliteite maksimaal benut word.

Vir vooruitgang moet ons self opoffer. Daarom het alle personeellede vrywillig besluit om 'n deel van hulle salarisse af te staan vir die saak waarvoor hulle staan. Die geld word gestort in die fonds van Aksie Puk Een Miljoen Rand '78.

### INHULDIGING

Tydens die byeenkoms het die voorsitter van die Raad aan prof. Tjaart 'n oorkonde oorhandig, waarna hy die diensvoorwaardes onderteken het. Die maroen en goue rektorale toga is hom omgehang. Prof. Van der Walt is aan die gehoor voorgestel as 'n man met buitengewone intellektuele gawes, 'n geestelike leier met inspirasie en boonop 'n Godsman.

Verskeie groepe het die rektor gelukgewens. Mnr. Theuns Eloff het namens die studente sy goeie wense oorgedra. Daar is met gebed afgesluit. Die Volkslied is gesing en die Kongregasie is ontbind. Die Akademiese prosessie het die saal verlaat en die aand is met verversings in die Voorhuis-eetsaal afgesluit.

### VISE-REKTOR

Op dieselfde vergadering is prof. J.S. du Plessis as viserektor aangekondig, met die ampstoga omhang en gelukgewens. Dit is die eerste keer dat die pos van vise-rektor op die P.U. vir C.H.O. bestaan.

# REKTOR KAP KUNSTENAARS

**Op die ontheffingsdinee vir 1978 is daar onwelvoeglike grappe vertel waarop die rektor skerp geantwoord het. Jan Botha, verteenwoordiger van die kultuurraad, doen verslag.**

### AGTERGROND

Dit het die afgelope paar jaar al gebruik geword dat 'n groep vermaaklikheidskunstenaars van buite op die Puk se jaarlikse ontheffingsdinee kom optree. In die verlede was daar elke keer nog probleme omdat dele van die groepe se optrede, veral die grappe van die komediante, nie in ooreenstemming met die karakter van die P.U. vir C.H.O. was nie. Ten spyte van vele voorsorgmaatreëls van die Kultuurraad en die Studenteraad se kant af, was dit ongelukkig hierdie jaar weer die geval.

### DIE GEBEURTENIS

Ná vier onbehoorlike grappe deur die komediant wou hy iemand uit die gehoor hê om saam met hom 'n liedjie op die verhoog te gaan sing. Sy oog val toe op die rektor en hy roep toe "die outjie met die brilletjie en die strikdassie hier reg in die middel voor hom" na die verhoog. (Hy het nie geweet dat dit die rektor was nie). Die rektor het toe na die verhoog gegaan en die mense berispe en dit gestel dat ons 'n onvoorwaardelik Christelike Universiteit is, dat ons nie so iets by ons duld nie, dat ons nie 'n kleuterskool is nie, dat hulle asseblief by hulle ooreenkoms met ons sal hou, uit die riool sal kom met hulle grappies en die Puk nie onderskat wat betref die gehalte van die vertoning nie.

Onder applous van sommige Pukke is die rektor toe terug na sy sitplek. Die res van die aand het sonder voorval verloop behalwe dat die gehalte en standaard van die musiek uiters laag was, dat dit later geblyk het dat dit die eerste keer was wat die orkes, bestaande uit slegs drie persone, in die openbaar opgetree het en dat een sanger selfs die woorde van sy liedjie nie geken het nie.

### DIE FEITE

Die gevoel van die Kultuurraad en die Studenteraad se kant af, toe die hele funksie verlede jaar beplan is, was dat daar nie weer Engelssprekende kunstenaars op hierdie geleentheid op ons kampus moet kom optree nie. Ons is 'n onbeskaamde Afrikaanse Universiteit en wil dus Afrikaanse kunstenaars hê. Die volgende kunstenaars is o.a. deur die Kultuurraad genader: Carike Keusenkamp, Sonja Herholdt, Gé Korsten en ook die Alabama Studentegeselskap. Vir geeneen van hulle was dit moontlik om op te tree nie. 'n Dame in Johannesburg het toe aangebied om as agent vir die konsert op te tree met Marie van Zyl en Jody Wayne as hoofkunstenaars.

'n Kontrak is met haar opgestel waarin sy onderneem het dat die opvoering "ooreenkomstig die voorwaardes deur die Kultuurraad aan haar gestel" sal wees. Hierdie voorwaardes was dat daar geen onwelvoeglike grappe vertel sal word nie, dat ten minste die meerderheid van die opvoering Afrikaans sal wees en dat Marie van Zyl en Jody Wayne die hoofkunstenaars is.

Hierdie kontrak is op al drie punte deur hulle verbreek, nadat daar Saterdagmiddag voor die konsert weereens herhaaldelik aan hulle gestel is dat ons nie onwelvoeglike grappies op so 'n aand wil hê nie. Sonder kennisgewing aan die Kultuurraad het hulle hier opgedaag met Lance James in plaas van Jody Wayne. Slegs enkele liedjies is in Afrikaans gesing.


Aan al die Pukke wat daar was: Ons is jammer dat so iets gebeur het ten spyte van al ons voorsorgmaatreëls en dat die dinee waarna julle so uitgesien het in 'n mate daardeur bederf is. In die lig van wat hier bo gestel is, begryp julle seker dat dit 'n ongelukkige gebeurtenis was waaraan ons niks kan doen nie.

### DIE TOEKOMS

Die finale les het ons sekerlik nou geleer. Geen buitemense sal binne die afsienbare toekoms hier optree nie, tensy hulle vooraf baie streng gekeur word. Die gevoel is ook dat die eerstejaars in die toekoms nie moet betaal vir hulle eie ontheffingsdinee nie, maar dat die onkoste deur die universiteit gedra moet word. Die seniorprogramaand tydens die oriënteringsweek sal in heroorweging geneem word. Waar kan 'n mens 'n beter bekendstelling van die Universiteitkry as 'n konsert deur Thalia, die P.U.-Kaners, die Universiteitskoor en die Alabama op die ontheffingsdinee? Die kaas-en-wyn-onthaal in die Totiussaal sal ook heroorweeg word en in die toekoms op sodanige wyse aangebied word dat almal maklik by die tafels kan uitkom en genoeg kry om te eet en te drink. Terloops, die reënstorm van Saterdagmiddag was die rede waarom daar nie tafels buite onder die seil geplaas is nie – alles sou sopnat gereën het.

Daar sal dus baie beslis werk gemaak word van die ontheffingsdinee. Foute wat gemaak is en probleme wat daar was, sal so ver moontlik in die toekoms uitgeskakel word.

Elgro Hotel
WOLMARANSSTRAAT TEL. 5304
Pukke kom sleep hierdie jaar weer by ons Dameskroeg
KONTIKI STEAKHOUSE
TEL. 5304
Gewildste vergaderplek vir studente in Potchefstroom
ELGRO BUITEVERKOPE
LOMBARDSTRAAT TEL 5122
Skakel vir gratis aflewering of maak gebruik van ons Inrydiens.



*Danie Stoltz*

# NUWE SSR-LID

DEUR ONS RADEREDAKTEUR

**Die gaping wat ontstaan het na die bedanking van mnr. Gerrie van Wyk uit die SR word nou deur mnr. Danie Stoltz gevul**

Mnr. Stolz sal die portufuelje kleure en toere behartig in die plek van mnr. Zoks Schwellnus wat die nuwe sekretaris van die SSR is.

DAMESBLAD ● DAMESBLAD ● DAMESBLAD ● DAMESBLAD

# 'N VROU VIR ALLE TYE

**Dit was 'n sjarmante ervaring: dié onderhoud met mevrou Lena Tomatis van Frankryk. Madame het vinnig en effens laat gegroet en "You have no translater?" gevra. Sy het Frans gelyk: haar vel was advertensie-pragtig versorg, sy het 'n eenvoudigdeftige rok aangehad, haar grys hare was in 'n tydlose styl teruggekam.**

Mev. Elizabeth Snyman het getolk dat sy 'n dame uit Parys is. Sy het daar skoolgegaan en daarna aan 'n gespesialiseerde skool haar graad in Fisika en Wiskunde gekry. Sorbonne? vra ons dom. Madame Tomatis verduidelik dat daar in Frankryk skóle is wat gespesialiseerde opleiding bied en wat eintlik 'n hoër standaard as die universiteite handhaaf.



*Madame Lena Tomatis – Foto: Jaco Pretorius*

Die Franse studentemeisie grief haar: Hulle lyk slordig en het die neiging om tot "blue jeans" te verwaarloos. Die klein dogtertjie volg haar chic ma se voorbeeld tot so sestien jaar en dan verlons hulle. Wanneer sy trou, keer sy gewoonlik terug na persoonlike versorging, Fransaantrek.

Die jong Franse meisie is geweldig politiek-bewus en, sug mev. Tomatis, neig gewoonlik links. As sy trou en 'n gesin het, verflou haar linkse ywer gewoonlik. Madame Tomatis verduidelik dat links in Frankryk Marxisties beteken. Die jongmense reis baie en is heelwat tale magtig. TV, sê sy, beïnvloed die jongmense geweldig: gewoonlik negatief. Sy skryf dit toe aan die feit dat die linkses die persbeheer. Die films is baie eroties en aggressie is volop. Mev. Tomatis voorsien 'n uiteindelike teenreaksie: 'n diktatuur met 'n duidelik-omlynde beleid, miskien.

Die Women's Lib-beweging het nie in Frankryk so 'n rewolusie geword soos in Amerika nie. Vir madame Tomatis het die "liberation de la femme" positiewe en negatiewe aspekte gehad: die gelykmaking van salarisse en die erkenning van basiese regte is beslis positief; die negatiewe lê vir haar in die seksuele bevryding waartoe die wettiging van aborsie en vrye Pil-gebruik bygedra het. As gevolg van die kompetisie tussen man en vrou is die vrou nou nie meer vrou-van-'n-man en moeder-van-'n-gesin nie, maar sit sy in 'n seksuele gevangenis.

As die Franse vrou nou eers getroud is, verval sy in krulpenne en babadoeke? vra ons. Madame reageer heftig: "Non!" en sê dat die huisvrou soos ons dit verstaan, in Frankryk raar is. Hulle probeer huis en beroep versoen: hulle hou van onthaal en koskook, maar is terselftertyd ook beroepsgerig.

Die jong Franse meisie het ons persoonlike beeld van die Franse vrou geskud: die lieflike versorging van haar vel, hare, naels, figuur, die koskook, die sag praat, kom sleg tweede na politiek. Madame Tomatis stel ons gerus: die ouer vroue bly tipies Frans. Hulle kan deesdae ook Dior en Yves St. Laurent bekostig en koop klere van die groot ontwerpers teen redelike pryse in winkeltjies wat boetieks genoem word. Die Franse vrou het min, maar ontsaglike chic klere. Bybehore, soos 'n serp, 'n ander kleur skoene, is geweldig belangrik. Madame Tomatis beduie met haar ekspressiewe handjies: jy sal nooit die Paryse vrou in 'n lekkergoedpienk sien nie; hulle verkies gedempte kleure en swart is veral gewild.

Wat nasionalisme betref: die jong Franse staan eintlik onverskillig teenoor staat en regering en hulle bevraagteken alles krities. Sy skryf dit toe aan:

- die feit dat die huidige Franse regering nie 'n helder, duidelike politieke beleid volg nie;
- die Franse aard: die Franse individualisme wat amper egoïsme is, het geen nasionalistiese groepsgevoel tot gevolg nie. Die meer regses het 'n besliste nasionale gevoel; die wat links neig, is wêreldburgers.

Die verhouding tussen haar en professor Tomatis het ontwikkel terwyl sy in sy diens was. Hulle werk nou nog saam en dit is wat haar betref, die ideaal. Sy dink sy is op sy weg geplaas en beskou dit as haar lewenstaak om hom te help.

Die Franse studentemeisie wéét van Suid-Afrika, maar madame Tomatis vind dat die beeld vals is as gevolg van negatiewe dekking in die pers. Sy vind dit egter bemoedigend dat die mense hulle glo as 'n ware beeld van die toedrag van Suid-Afrikaanse sake geskets word.

Ten laaste vra ons die onvermydelike vergelyking: wat van die Suid-Afrikaanse vroue? Madame glimlag dat sy in alle eerlikheid hier meer tuis voel omdat die Suid-Afrikaanse vrou meer sin sien in vrouwees, en moederspeel: met ander woorde vróúliker is.

Ons groet en rasper die "merci" uit; sý grif haar sagte keel-"merci" so vas in ons dat Parys ons beslis sal sien.

# HELAAS! DIE PUK BEGIN

**Net so 'n ietsie spesiaal vir die oudames op die kampus: Welkom, en dis nou rêrig! Hoe goed is dit nie om na byna drie maande weer terug en bymekaar te wees nie! Maar die heel ergste van ná so 'n vakansie is dat 'n mens sommer al die tweede dag voel asof jy nooit weg was nie!**

Hoe gou vergeet jy nie die irritasie van iemand anders se sand-handdoek op jou eie be-oliede lyf nie; die lang uitgerekte oggende in die bed met dierbare Ma wat dieetontbytkosse saam met 'n nog nat roos op 'n skinkbord indra nie! Hoe gou onthou jy niks meer van die lui laataande voor die platespeler met Joan Baez in jou ore en Ingrid Jonker in jou hande nie?

Hoe verskriklik is dit nie dat jy nou-al nie meer weet presies hoe sy lagplooitjies en naels gelyk het nie! (al het jy darie aand aan die 'redelike' Tuks-ou trou belowe!)

Kyk net hoe hardloop die tyd: wat het van jou laatnag alleen-aande geword, toe jy terwyl Ma en Pa al lê en slaap, alle moontlike Victoriaanse romans verslind het? Wat het oorgebly van die stil muskietbelaaide aande op jou tuisdorp; sussies wat nog Wiskunde-probleme het en daarop aandring dat jy hulle asseblief moet help! (sal hulle dan nooit verstaan dat jy nou Musiek probeer swot en laas in Matriek moes krimp vir jou powere Wiskunde-simbool)

Ja, en wat nog spel vakansie? Lang braaivleisaande, oujaarsaand se stilwees oor die lewe, die vreeslike moegword vir jou welbekende bed, lang telefoonoproepe na 'hom', en die wag vir die twaalfuurpos?

Kan jy dit glo– ons somervakansie is vir 'n hele jaar verby! Nou is dit weer die eerste week tot vieruur in die oggend gesels om nou presies agter te kom of kamermaat se nuutste toe 'n 'Lee" – of 'n khakie'stovie' aangehad het. Dis ure se gesels oor Florna en ander kampe wat verby is en – oor wat voorlê!

'n Hele turksvyjaar wag vir ons en as ons met die nodige versigtigheid en agting hom by die dorings pak, wag daar vir ons 'n soet-groen binnekant. Dan kan ons aan die einde van 1978 sê: Wat 'n belewenis was dit nie!

Geniet '78 en maak hom jou eie!

Tomstraat 84
TELEFOON 6660
Wesvalia Boekhandel
Posbus 20060
2520 Potchefstroom
Studie boeke en skryfbenodigdhede

# OM 'N PUK TE WEES IS OM 'N PUK TE GROET

# EERSTEJAARDAMES OOR ORIËNTERING

## 'Feeste'

## 'Fantasties'

## 'Bak'

**Ons het 'n bietjie by die gewese doortjies gaan uitvind hoe die oriëntering vir hulle was; met verbasende resultate!**

Op 'n vraag dat hulle slegs een woord moet gee vir die hele ondervinding het dit só geklink: 'Feeste', 'Fantasties', 'Bak' en 'n lou 'So-So'. Vir die grootste persentasie was dit heerlik en tog is daar hier en daar een wat heftig daarteen gekant is, maar diesulkes kon nie 'n motivering vir hulle standpunt verskaf nie.

Almal is dit egter eens dat daar van die oudames se kant 'n beter georganiseerde oriënteringsprogram moet wees. Dit raak glo vervelig om heelaand te skitter!

Dit was vir 80% heerlik om met hulle dore-klere op die kampus rond te loop want almal lyk ewe sleg en dit bevorder die groepsgees.

Almal het wel 'n duidelike idee van die Puk se "van" d.w.s. van die C.H.O. Hiervoor sê ons tog baie dankie aan die leiers op die kampus – as dit uitbly het die Puk hoegenaamd nie iets waarop ons kan trots wees nie.

Die dames (!?) slaan die kursusvoorligting baie hoog aan en die groep was 100% eens dat daar voldoende akademiese oriëntering plaasgevind het.

Nog 'n teer puntjie wat aangeraak is, is die oudames wat so vreeslik hulle stemme verhef het: 70% van die 'herstellendes' is oortuig dat die oudames maklik onvroulik optree en die perke oorskry. Tog 'n ietsie om aan te herkou!

Wat egter baie bemoedigend is, is die positiewe gees wat daar van die eerstejaardames oor oriëntering uitgestraal word. Daar was slegs een geval wat gevoel het dis nie die moeite werd nie, die res lag heerlik as hulle terugdink aan hul blik-in-die-as dae!

# BOEKREKENINGS WEER WELKOM

**Nadat daar in 1978 bekend gemaak is dat Pro Rege, boekhandel op die Bult, nie verder op rekening sou verkoop nie, is daar nou weer besluit dat gekeurde rekenings tog verwelkom sal word.**

### REKENINGS GESLUIT

Laat in 1977 het mnr. Kruger, eienaar van Wesvaliaboekhandel mnr. van der Walt, eienaar van Pro Rege, gekontak oor die sluiting van rekeninge. Daar is saam besluit om alle rekenings te sluit. Verskeie redes het hiertoe aanleiding gegee:

- Baie rekenings is stadig betaal. Daar is selfs 'n voorbeeld van 'n hoogleraar en 'n skoolhoof wat baie traag is om te betaal. Van die studente wat rekenings open se ouers weier om te betaal. 'n Boekwinkel het juridies geen eis op sekere van sulke studente om te betaal nie.
- Posgeld is laat in 1977 met 11% verhoog en daar is van regeringskant af begin om 15% op invoere, w.o. boeke, te hef. Al hierdie koste, tesame met die prys van die boeke moet reeds gou na aflewering deur die boekwinkel gedek word. Die geld van rekeninghouers kom eers heelwat later in. Gevolglik neem dit 'n lang tyd voordat die boekwinkel sy kostes verhaal.
- Pro Rege en Wesvalia was op daardie stadium van die weinig boekwinkels wat nog rekeninge toegestaan het. Soos enige vrye onderneming het hulle die reg om self te besluit oor die verkoop op rekening of nie. Aangesien baie banke ook groot lenings vir studente verskaf, kon finansiële probleme aan die student se kant opgelos word.

Beide boekwinkels het t.w.v. hulle bestaan saam besluit om met rekenings weg te doen.

### NUWE BESLUIT

Nadat Pro Rege 'n omsendbrief uitgestuur het om sy nuwe organisasie bekend te stel, het beide Wesvalia en Pro Rege die saak heroorweeg en besef dat sommige studente probleme het met kontant, aangesien ouers ver woon. Beide het toe besluit om weer gekeurde rekenings toe te staan.

Hierdie daad het mense tot nadenke gestem. Volgens mnr. Kruger verloop sake sover vanjaar goed. Die mense is meer positief. Pro Rege se kontantverkope het geweldig gestyg.

"Algemene aantygings van studente oor die boekwinkel help niks", volgens mnr. van der Walt. "Opbouende kritiek word egter verwelkom. Dit kan ons net help".



*Die eerste minister van Tarentalia: HENDRIK OLIVIER.*

# STAATSGREEP IN TARENTALIA

**Tydens 'n bloedlose staatsgreep op Dinsdag, 7 Februarie, het Hendrik Olivier die nuwe Eerste Minister van die Republiek Tarentalia geword. "Die vorige Eerste Minister het probeer om my volk toe te spreek," het Hendrik Olivier gesê: "Ek kon dit nie langer duld nie. Ses lede van my wag het hom oorrompel. Soos generaal Smuts van ouds het ek op 'n bokwa, getrek deur Tarentale, die arena binnegekom. Die toejuiging van my volk was oorweldigend."**

"Ek wil net weer sê: Welkom oud-stryders en -stryderesse en die wat nog oud-stryders en -stryderesse gaan word. 'n Vakansie is 'n uitputtende storie; nou is dit agt maande se lekker rus op die kampus. My nuutste oriënteringsbeleid is soos volg: Aangesien die eerstejaars uitgeskakel is, moet u nou die tarentaalkleintjies probeer inskakel. Ons moet probeer om weg te beweeg van diskriminasie. Samespreking is die wagwoord: Die wette teen dieremishandeling was verslap tot nou toe – dit sal nou weer verskerp moet word.

"Die kommissie van ondersoek na eetsaalongerymdhede het die volgende bevind: Daar word nie graad I vleis aan studente voorgesit nie, dit is net die akademiese kwalifikasie van die Kokke.

"Die nuwe Minister vir Invoer en Uitvoer het verklaar dat hy voortaan sal sorg dat perde afgesaal word voordat hulle aan studente voorgesit word. Volgens hom sal dit help dat die vleis beter deur hulle liggame gevoer kan word. Die probleem lê nie in obstruksie binne in die liggaam nie, maar meer in die gange wat die student in moet hardloop."

# HOE, WAT EN WAAR VAN K.M.D.

**Die K.M.D. is geleë in die Farmakologie-vleuel van die nuwe gebou vir Biologiese Wetenskappe, kamer 1,11 op die eerste vloer.**

Afsprake kan by die Suster gemaak word, of per telefoon (uitbreidings 478, 458).

Konsultasie-ure is soos volg:

Maandag - Vrydag
07h00 - 09h00
13h00 - 14h00
16h00 - 17h00
Saterdag
08h00 - 10h00

Dinsdae en Donderdae is 'n fisioterapeut beskikbaar vanaf 08h00 - 10h00.


Buite geneesheerkonsultasie-ure lewer verpleegsters en aptekers diens.

Die sportgeneesheer is Maandae en Woensdae vanaf 17h00 - 18h00 beskikbaar, asook tydens groot sportbyeenkomste. Sportbeserings word alleen gehanteer wanneer betrokke afrigter 'n amptelike versoekvorm ingevul het, en dit aan die sportgeneesheer oorhandig het.

Waar nodig, sal kampusgeneeshere siektesertifikate uitreik. Slegs sertifikate wat deur hierdie geneeshere uitgereik of geparafreer is, sal geldig wees vir akademiese beserings (siektes wat lei tot afwesigheid van klasse, toetse en eksamens).

Tydens na-uurse noodgevalle mag slegs huisvaders of hulle gedeligeerdes die geneeshere opbel of hulle ontbied.

Die K.M.D. word uit die jaarlikse klasgelde bekostig.



*Theuns wens Prof. Tjaart namens die studente, tydens sy inhuldigingsplegtigheid geluk.*

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# "ONDERWYSERS" GESOEK

**U hoef nie verder te soek na 'n geleentheid om iets daadwerkliks te doen aan menseverhoudinge in ons land nie!**

Ikapu, ons eie vereniging wat die swartmense van Ikageng help met matriekklasse, soek na dosente en studente om Woensdagaande met die gee van klasse behulpsaam te wees. Uitgewerkte lesings word in elke vak verskaf aan die persone wat die klasse moet gee. Dit verseker dat goeie stof aangebied word, terwyl u eie tydsbesteding tot die minimum beperk word.

Ons soek hulp in die volgende vakke:
Afrikaans, Engels, Biologie, Geskiedenis, Geografie, Bybelkunde, Kriminologie, Handelsreg, Ekonomie, Rekeningkunde, Wiskunde, Tswana, Natuur- en Skeikunde en tik.

As u enigsins dink dat u ons kan help – al is dit net met die organisasie van die projek – moet u die volgende doen:

1. Plaas 'n briefie met u naam en adres, en die vakke waarmee u moontlik kan help, in Jan Venter se bussie by die SSR-kantoor.
2. Of u kan die saak met Jan Venter, u SSR-lid vir Gemeenskapsdiens, of met Braam le Roux, Esselenstraat 16, telefoonno. 8095, bespreek.
3. Ons kom in elk geval Woensdag 1 Maart om 13h15 by die SSR-kantoor bymekaar.

Verlede jaar het ongeveer 80 leerlinge van Ikageng ons klasse bygewoon. Vanjaar word heelwat meer verwag.

Hierdie leerlinge het nie die geleentheid om op die gewone manier matriek te skryf nie.

Kom julle, laat ons ons welwillendheid bewys.

Hierdie mense het regtig hulp nodig!

**HONDA 450**
**R595 TEL. 23288**



Vir die man wat bo die tye uitstyg, is daar 'n bank wat bo die tye uitstyg.
Bank Suid-Afrikaans.
Volkskas

# KORPSKOUKUS HOU KAMP

**Christen-Afrikaner, wat is jou verantwoordelikheid ten opsigte van jou medestudent en kampus, jou volk, die politiek en die kerk. Voor die PUK begin het, het die Korpskoukus hulle vakansie afgesluit op 'n hoë noot. Sodoende het ons pitkos verkry vir die jaar vorentoe.**

Die deurlopende tema van die kamp is telkens ingelei deur prof. Christie Coetzee. As daar nou iemand is wat weet hoe om lekker te gesels, dan is dit hy. Hy het daarop gewys dat ons nie 'n swygende meerderheid moet wees nie. Ons moet wel kritiseer, maar dan moet dit immanente kritiek wees. Wanneer jy dan wel kritiseer, moet dit opbouende en nie afbrekende kritiek wees nie. Dis maar enkele punte wat deur hom uitgelig is. In die groepsbesprekings het ons gedagtes uitgeruil en sodoende mekaar leer ken, versterk en respekteer.

Daar is 2 seminare gehou oor groepsdinamika asook oor ledesorg en ledewerwing.

Die vrolike gees het ons geïnspireer om die jaar van swoeg en sweet tegemoet te gaan.


SPEED DEN

WINKEL 26 TEL. 4713

REKENAARS teen spesiale pryse
RADIO'S en 4 BAAN KASSET-SPELERS teen kosprys
MOTORONDERDELE en toebehore soos 'Louvres', skaapvelle, gereedskap, skokbrekers en baie ander.

KOM KYK SELF


## ESPERANTO-PUK "VREEMDE TAAL"

**Wat is Esperanto-Puk? Wie is Esperanto-Puk? Esperanto? Dit klink na vreemde tale. Om 'n klein geheimpie uit te lap: dit is! Maar wat maak hierdie "vreemde taal" so uniek? Ongeveer tien persent van die tyd wat nodig is om 'n Europese taal aan te leer, is nodig om Esperanto aan te leer. Dit is onder andere omdat die taal geen uitsonderings bevat nie.**

Esperanto bied vele moontlikhede. Met Esperanto kan daar met mense agter die Ystergordyn gekorrespondeer word. Die moontlikheid om jouself te help op 'n oorsesereis is ook nie uitgesluit nie.

Hiermee dan 'n hartlike uitnodiging aan alle Pukke: Oud-lede, seniors, eerstejaars. Die eerste vergadering van Esperanto-Puk is op Woensdagaand 22 Februarie.

Kry jou Puksakboekie vir 1978 by die SSR-kantoor

## Aantreklike pos vir student

**Daar word tans aansoeke ingewag vir die pos as voorsitter van die advertensiekomitee. Dié pos behels die werf van advertensies vir alle studente-publikasies op die Puk én die koördinering daarvan in samewerking met die Departement Ontwikkeling. Daar is 'n vergoeding van 10% op elke bedrag wat inbetaal word vir advertensies. Die persoon sal onder die Administratiewe Raad ingeskakel word en sal verantwoordelik wees vir die saamstel van 'n komitee en die opstel van 'n grondwet wat goedgekeur moet word alvorens die komitee begin funksioneer. Meer inligting kan by Daan de Kock (SSR-publikasies) of Japie Cronje (SSR-penningmeester) ingewin word.**

## Kultuurraad hou uitstallings

**Die Totiussaal word teen die einde van die maand omgeskommel en deur die Kultuurraad betrek.**

By dié geleentheid hou die Kultuurraad hulle jaarlikse uitstalling. Die onderliggame doen dan hulle bes om hulle werksaamhede aan die Puk-massa bekend te stel.

Buiten kultuurliggame soos Fotiek, Filatelie, Voortrekkers, Restorasio, Montium en Florna, is daar ook sportklubs wat uitstal. Die Kanoklub en Duikklub is maar twee van hierdie klubs.

Ruim gerus 'n tydjie in om te sien wat in die verenigingslewe aangaan - miskien byt 'n gogga en begin almal ou motors regmaak of seëls versamel.


BY ONS KRY U KREDIET-FASILITEITE

EN

BOEKE!!

PRO REGE

TEL. 8875 - TOMSTR. 86

# NUSAS SOEK KONTAK

**Op die pas afgelope jaarlikse Nusas-kongres, waar die P.U. vir C.H.O. deur die persoon van mnr. Pieter Odendaal verteenwoordig was, het dit geblyk dat Nusas steeds deur mense met 'n Nieu-Marxistiese denkgees beheer word.**

In 'n onderhoud met die Wapad het mnr. Odendaal die Engelse studente in drie groepe verdeel. Daar is 'n konserwatiewe element wat uit kapitaliste, rasissiste en selfs PFP-ondersteuners bestaan. Dié uiteenlopende groepe word byeengehou deur 'n anti-linksgevoel. Die liberale Engelse student was nie op die kongres verteenwoordig nie. Dit is toe te skryf aan die feit dat die meeste liberale studente PFP-ondersteuners is wat tydens die kongres vir die verkiesing gewerk het. Die radikales wat Nieu-Marxisties dink, se invloed het veral geblyk in 'n mosie waarin Swapo as die enigste wettige verteenwoordiger van die mense van Suidwes-Afrika erken word. Nusas stel ook glad nie belang in enige verkiesing in Suidwes-Afrika nie. Hulle wou ook nie oor die saak redeneer nie.

Tydens die kongres het daar 'n emosionele gees geheers, 'n anti-regering-gees. Só is daar 'n koerant verbrand wat in sy hoofopskrif die oorwinning van die Rhodesiese polisie oor terroriste aankondig. Die verbranding het hulle verontwaardiging simboliek uitgedruk oor die feit dat menselewens so nietig geag word. "Ongelukkig is hierdie opvatting deur 'n humanistiese opvatting gemotiveer", volgens mnr. Odendaal.

Daar was min Christene op die kongres. Die konserwatiewe studente leef sedelik baie los. Mnr. Odendaal het gesê dat hy hom as Christen meer aangetrokke gevoel het tot die radikales met hulle gemeenskapskritiek. Mnr. Paddy Kearny van die afdeling Diakonia van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het in sy gemeenskapskritiek gesê dat Suid-Afrika baie moontlikhede vir verbetering van onderwys bied: Dit neem 'n skool byvoorbeeld vyf jaar om 'n kind 'n taal te leer. Wanneer dieselfde persoon in 'n ander land sou gaan woon, sou dit net ses maande neem om dieselfde taal beter te bemeester. Dit is 'n vingerwysing na ons onderwysstelsel.

Dit was die eerste keer in 'n lang tyd dat waarnemers van Afrikaanse kampusse na 'n Nusas-kongres uitgenooi was. Dit is 'n teken dat Nusas kontak soek. Mnr. Theuns Eloff het die ASB verteenwoordig. Die universiteite van Stellenbosch en Port Elizabeth het ook afgevaardigdes gestuur. Nusas wil baie graag nouer met die P.U. vir C.H.O. skakel aangesien hulle besef dat dié universiteit nie geïsoleerd leef nie, maar kontak soek. Hulle waardeer dit dat die Pukke reguit sê dat hulle Christene is en daarvolgens leef.

"Ek het uit dié kongres geleer dat die ASB meer akademies moet besin. Ons uitgangspunt is goed, maar ons moet nader daaraan kom. Die Nusas-mense is ernstig en toegewy aan hulle ideaal", aldus mnr. Odendaal.

## PUK KRY PLAAS PERSENT

**Amajubadag, 'n nuwe PUK-feesdag, word op 27 Februarie gevier waar mnr. Willie Laubscher, voorsitter van die OB-grootraad, die plaas Amajuba aan die PUK sal oorhandig.**

Die oorhandiging sal met die nodige kleur en aksie gepaard gaan. 'n Perd- en/of motorfietskommando se aankoms sal die verrigtinge open en die PUK se eie soldoedies sal die landsvlag hys. In massasang sal elkeen sy deel bydra tot die feesvieringe.

Die SSR sal die R5000-belegging in verdedigingsobligasies aan die Weermag oorhandig. Daarbenewens sal Aster ook hulle deel bydra. Elke dameskoshuis maak vyftig pakkies vir manne op die grens op wat ook aan die Weermag oorhandig sal word.

Alle Pukke is welkom by die geleentheid.

## Alabama tydens Karnaval

**Die Alabama Studentegeselskap bied vanjaar agt vertonings in die Totiussaal aan. Vier van hierdie vertonings val in die Karnavalweek, nl. vanaf 8 tot 11 Maart 1978. REVUE 77/78 is 'n vrolike program, en behoort die uitbundige gees van Karnaval goed aan te vul. Besprekings word behartig deur die SSR-kantoor, en plekke kan ook by Pro Rege bespreek word vir die vier ander vertonings – vanaf 1 tot 4 Maart.**

Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat Alabama so vroeg in die jaar optree – ook die eerste keer dat ons Pukke 'n voorsmakie van Alabama se reveuprogram tydens die Seniorprogramaand kon kry.

Alabama het verlede jaar in die Desembervakansie getoer en dieselfde lede bied nou nog REVUE 77/78 aan in Potchefstroom, Vereeniging, Johannesburg, Klerksdorp en Welkom. Net na die Aprilvakansie ontbind hierdie groep en word 'n nuwe groep gevorm vir 1978/79.

REVUE 77/78 is besonder goed ontvang deur al die vakansiegangers wat Alabama se sale volgepak het. Louis en Johan van Rensburg staan weereens aan die roer van die program, wat sang, musiek en komiese sketse uit die boonste rakke oplewer, REVUE 77/78 bied voorwaar 'n aand van vermaak wat Puk nie mag mis nie!

Vir die Pukke wat belang stel: REVUE 77/78 word in Klerksdorp aangebied van 6-8 April – besprekings by Computicket.

PUKKE – geniet KARNAVAL! geniet REVUE 77/78!

## Vaaldriehoek op dreef

**Aan ons eerstejaars; 'n bekendstelling van die P.U. vir C.H.O. se satellietkampus. Hierdie jaar reeds 'n 130 voltydsingeskrewe studente, wat 'n normale studentelewe voer. Die eerste sosiale aksie was "een groot" vrugtefees!**

**Besondere ingenieurs-opleiding**

In die toekoms sal die Puk se ingenieurs seer sekerlik voorkeur geniet bo ander universiteite se ingenieurs.

'n Ingenieur wat universitêre opleiding gehad het, het gewoonlik min praktiese ondervinding. Teenoor die persoon wat op sy beurt weer 'n ingenieursdiploma besit, besit nie altyd die nodige teoretiese kennis nie. Die probleem word grootliks oorbrug op die wyse waarop die ingenieursgraad deur P.U. vir C.H.O. by die Vaaldriehoek aangebied word in samewerking met YSKOR te Vanderbijlpark.

Die kursus is 'n B.Sc-graad en beloop 6 jaar. Die eerste twee akademiese jare word ook vier jaar versprei. In die tydperk werk die student voltyds by YSKOR en draf in die aand klas. Die laaste twee jaar word voltyds aan 'n universiteit gedraf. In die geval van elektro- en chemiese ingenieurswese aan die PUK, ander rigtings aan enige ander universiteit.

'n Student wat die kursus loop, geniet 'n aantal byvoordele wat ander studente nie geniet nie. 'n Salaris van R238 per maand, mediese hulpfonds, pensioenskema, die studiegelde word deur YSKOR betaal.

Die Vaaldriehoektak sal die jaar heelwat meer aktief by ons inskakel. Hulle het reeds aan die eerstejaarsatletiekbyeenkoms deelgeneem.

## WAT DOEN DIE A.S.B. VIR MY?

**Die onderskeie kampusse bied die volgende projekte aan in 1978, en is deur die A.S.B. Hoofbestuur aan hulle opgedra:**

| | | |
|---|---|---|
| • A.S.B.-kongres | UOVS | 10-14 Julie |
| • KUESTA (Kunsfees) | PU vir CHO | 2-7 Julie |
| • SR en Besturekonferensie | UP (Binnemuurs) | 10-11 Maart |
| • Aktualiteitskonferensie | ASVS (Stellenbosch en Hugenote Kollege | |
| • Leiers en Aktualiteitskonferensie | UP (Buitemuurs) | 12-13 Mei |
| • Wysbegeerte | PU vir CHO | 26-27 Mei |
| • Maatskaplike Werk | UP (Binnem.) | 4-5 Augustus |
| • Ontwikkelingsadministrasie | RAU | 28-29 April |
| • Opvoedkunde | BOK & POK | 17-18 Maart |
| • Geskiedenis | NKP & GOK | 10-11 Augustus |
| • Fiesta (kursusse) | UP (Binnem.) | 2-7 Julie |

'n Bestuursopleidingseminaar is reeds aangebied op RAU-eiland 3-6 Februarie. Die seminaar is bygewoon deur alle Hoofbestuurslede en die PUK is verteenwoordig deur die SR-voorsitter, mnr. Theuns Eloff, wat ook dien op die ASB-dagbestuur as addisionele lid. Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-lid vir ASB-projekte het ook die seminaar bygewoon.

Vrugbare besprekings is gevoer oor die bestaan van die ASB en doelgerigte beplanning vir die toekoms is gedoen.

## WAT IS

deur Isabel Hoogenboezem

**Registrasie,** administrasie, frustrasie – ons is terug op die Puk! Party is hier vir hul heel eerste episode, ander vir hul volgende en nog ander vir die vorige episode (herhaal). Hoe dit ookal sy, hierdie jaar kan nooit dieselfde as die vorige wees nie.

Selfs die spyskaart is glo radikaal gewysig: ons eet nou Dinsdae i.p.v. Vrydae vis!

Dore en Drake het reeds verddwyn. Of hulle nou Pukke geword het of net sommer "opgehou" het, sal ons nog moet sien. Natuurlik het dit hulle die wêreld se goed gedoen dat almal hulle verskreeu het – dink net hoe tuis moet hulle nou by wyse van kontras voel! En ons dames sien mos baie béter kans om die res van die jaar die beeld van 'n elegante dame te vertoon as hulle hier aan die begin die geleentheid gehad het om al hulle frustrasies goed te lug.

Eerstejaarmans gaan glo "slap" word omdat hulle nie meer baadjies hoef te dra nie. My bekommernis is nou egter oor die senior mans – hulle het selfs nie meer dasse om hulle "styf" te hou nie – hulle sal voorwaar heeltemal disintegreer – nie meer van die hitte nie, maar deur 'n gebrek aan "Styfgeit". Gelukkig is daar darem nog plekke op die kampus waar die manne se moraal deur die dra van baadjies reg gehou word.

Miskien sou die onthef-fingsdinee minder katastrofaal gewees het as die burgemeester van Tarentalia sommer vir ons "Goeie morge" gesing het. Ek is seker hy sou selfs 'n paar grappies bo kleuterskoolstandaard kon uitdink. Sou 'n program soos die seniorprogramaand, of net Alabama alleen, nie 'n getrouer beeld vir die eerstejaar gee nie? Buitendien is die eerstejaars nou só fiks dat hulle seker rêrig die aand minder passief sou wou deurbring!

Op 'n vraag wat die leuse van ons universiteit is, het een eerstejaar geantwoord: "Om 'n Puk te wees, is om 'n Puk te groet"! Ek wonder of ons dit nie kan verander na: "Om 'n Puk te wees, is om deur 'n Door of Draak ('skuus, eerstejaar) gegroet te word." Ek vra maar net – is dit nie dieselfde senior wat nou 'n eerstejaar uitruk omdat hy nie groet nie, wat netnou stilswyend by jou in die duikweg verbly loop nie?

Heerlik was dit om ons rektor se inhuldiging by te woon. Natuurlik was dit net die feit dat daar nie genoeg sitplek was nie, wat verhoed het dat ons almal daar was. Miskien sal die studentesentrum die probleem binnekort oplos. Dan sal die eerstejaars seker elkeen twee stoele moet volsit!

Kampusfokus '78 (die ou SSR-HK-kamp) was beslis 'n goeie afskop vir die jaar. Die manne kon warm redeneer oor die geweldig aktuele vraagstuk of eerstejaarmans baadjies moet dra of nie. Gelukkig kon ons darem die bespreking oor die belangrikheid van die akademie afgehandel kry sonder om ons "Rich Man, Poor Man"-tyd in te boet. Stel jou net die ramp voor – die leiers op die kampus van die P.U. vir C.H.O. het 'n episode van hierdie aangrypende lewensdrama misgeloop – hulle sou as't ware nie verder opgewasse gewees het vir hulle verantwoordelike taak op ons kampus nie. Nietemin, die kamp was goed georganiseer en het geleentheid gebied vir ons kampusleiers om mekaar te skool.

1978, ons is volstoom op pad – ons hardloop alweer heen en weer, kla oor ons te besig is (en oor die kos) en geniet dit alles vreeslik!

die WAPAD

## DIE WIELE ROL

**Toe prof. Tjaart tydens sy inhuldiging die karaktertrekke van die P.U. vir C.H.O. geskets het, het hy tegelyk 'n riglyn vir die Puk-student gegee om die universiteit van set uit te leef. As elke Puk kan sê dat hy die Christelike karakter van die universiteit onvoorwaardelik uitdra, dat hy tweedens sy Afrikanerskap uitgesproke uitleef, dat hy akademies dien met durf vir 'n moeilike toekoms, dán kan hy met trots sê dat hy op die P.U. *vir Christelike Hoër Onderwys* is.**

**Die woord konserwatief het negatief geword. Prof. Van der Walt het ons egter 'n verligtende visie gegee, waarvoor ons hom dank. Om jou beginsels konserwatief te handhaaf, beteken dat jy progressief kan leef, dat jy buigsaam is en vir nuwe dinge oopstaan solank dit jou nader aan Christus bring.**

**Om Afrikaans te wees, is vir sommige 'n skande. Om sonder skaamte suiwer Afrikaans te wees, is voorwaar 'n ideaal waarvoor reeds baie gestry is en waarna ons steeds moet reik. So gou kan ons tou opgooi en weghardloop vir probleme. Maar 'n Christen dien met toekomsdurf.**

**Die studentegemeenskap staan dankbaar teenoor almal wat help offer vir die saak waarvoor ons staan. Mag ons studente self ook offer.**

**Die seniors is na drie maande se vakansie weer terug - byna twee weke al. Welkom! Nou is dit skouer aan die wiel. Laat ons almal, eerstejaars en seniors, studente en dosente, óns universiteit se karakter met durf uitleef: onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans.**

## STAAN OP VIR JOU SAAK

**Daar is al baie gepraat oor oriëntering en daar sal seker nog baie oor gepraat word. Die oriëntering van 1978 is nou verby. Baie geluk en baie welkom aan alle eerstejaars op die Puk-kampus. Julle is nou volwaardige Pukke. Die verwelkoming van Saterdagaand was 'n ongelukkige gebeurtenis, maar sal hopelik nie weer herhaal word nie. Dit was darem lekker om te weet dat die Puk 'n rektor het wat nie skaam is om sy sê te sê nie. Dankie prof. Tjaart - die meerderheid staan agter u en waardeer u optrede by die dinee.**

## NUWE ERA

**Die Wapad betree vanjaar 'n nuwe era. Vir die volgende jaar sal Die Wapad nie op sentrale punte geplaas word vir verspreiding nie. Elke koshuis kan 'n verteenwoordiger stuur wat die blad in die koshuise sal versprei. Dorpstudente kan hulle name by hulle H.K.'s ingee en Die Wapad sal per pos aan dié studente versprei word. Met die nuwe stelsel beloof Die Wapad ook om elke twee weke 'n twaalfblad-Wapad die lig te laat sien. Uitgawes tussenin sal waarskynlik dunner wees. Die doel van die nuwe stelsel is om uitgawes te besnoei asook om te verseker dat elke Puk Die Wapad onder oë kry.**

# Kampusfokus op Oriëntering

**Jan Kroeze doen verslag**

**In 'n opname op die kampus oor die sin van oriëntering het dit geblyk dat daar verskeie menings oor dié saak bestaan. Alhoewel die meeste persone baie positief ten opsigte van oriëntering gevoel het, was daar ook persone wat dit ten strengste afkeur. Dit was opmerksaam dat almal wat negatief oor oriëntering voel, anoniem wou bly.**

### Algemene Opvoedingstaak

Mnr. Johan van Rensburg, oud-SSR-voorsitter, sê dat die PU vir CHO deur oriëntering ook sy algemene opvoedingstaak wil nakom. Ander universiteite, veral die engelssprekendes, is slegs akademies ingestel. Tog is akademie ook op die Puk van primêre belang. Oriëntering is slegs geregverdig as dit positief is en lojaliteit bou. Liggaamlike oefeninge moet die stempel C.H.O. dra, dit moet sinvol wees en 'n samehorigheidsgevoel kweek. Die beginsel van saam-swaarkry-kweek-gees is verkeerd. Wanneer oriëntering die selfrespek aantas, word dit ontgroening en is dit verkeerd en juridies nie geregverdig nie. Opvoeding, vorming, inskakeling is nie 'n oorskryding van die grense van 'n universiteit nie aangesien die student as volle mens by die universiteit betrokke is.

### Christene dien

'n Standpunt wat oriëntering geheel en al afkeur, lui: 'n Christelike universiteit verwelkom nie vreemdelinge soos dit tans die geval is nie. In die vroeg-Christelike tyd is nuwe Christene beslis nie deur die weg van vernedering met belaglike kostuums ens. ingeskakel by die kerk nie.

Die argument wat dikwels gebruik word, nl. dat die eerstejaars se matriekkompleks afgebreek moet word, is belaglik. Dit is gewoonlik juis die seniors, soms akademiese nulle, wat die kompleks het. Vir alle Christene moet die beginsel van nederigheid geld. Ook die akademiese uitblinker is nederig en stel sy kennis beskikbaar vir ander.

Goeie gees word nie gebou deur 'n geskreeu nie. Gees kan nie afgedwing word nie. Om te kan heers, moet jy dien. Groepsgebondenheid word deur saamwees en saamdoen gebou. Dit is so dat daar onder broeders in verdrukking 'n groepsgevoel heers, maar dit is beter om dit te bereik deur 'n spel saam te speel waar enige rammetjie-uitnek op sy plek gesit word deur reëls van die spel.

Dit is opmerksaam dat wanneer sekere studente teenagekom word, hulle dit verag, maar wanneer hulle ander tenakom, word "tradisie" as regverdiging gebruik. So word tradisie vir persoonlike gerief gebruik.

Oriëntering getuig van 'n soort klassegeregtigheid. Sekere reëls, byvoorbeeld kleredrag en die besoek aan hotelle geld net vir eerstejaars, terwyl die seniors daarbo verhewe is. 'n Algemene beginsel word nie toegepas nie.

Eerstejaars moet eerder akademiese oriëntering geniet. Deurdat seniors nie sorg vir 'n studiegees nie en nie sorg dat ander studente onder die invloed van die waardigheid van studie gebring word nie, kom hulle nie hul roeping na nie.

Die onkunde van eerstejaars en hulle ouers word deur seniors geëksploiteer deurdat baie geld bloot vir oriënteringsdoeleindes vereis word. Dink maar aan die simpel dorerokke, karton, kreukelpapier en ander soortgelyke items.

Die Nuwe Testamentiese opvatting met betrekking tot gesag moet eerder nagekom word: gesag is om mense te dien wat jy op 'n bepaalde weg wil meeneem. Veral in die eerste weke van die akademiese jaar moet gselligheide gereël word om só 'n gees te kweek.

### Positiewe en negatiewe elemente

Dr. S. Oosthuizen van die Departement Sielkunde het 'n meer genadige mening: Daar is positiewe elemente in oriëntering. Dit is die kennis maak met die kampus, hoofde van departemente, seniorstudente en die algemene lewensbeskouing van die universiteit.

Oriëntering het egter ook 'n negatiewe invloed op die akademiese sy van sake. Eerstejaars moes al omvattende sielkundige toetse uitvoer sonder dat hulle deeglik uitgerus is. 'n Aanvanklike negatiewe houding kan baie skadelik wees vir studente self en sy beeld na buite.

Sielkundige probleme as gevolg van koshuisprobleme kom tot laat in die jaar by eerstejaars voor. Navorsing het egter getoon dat mans wat in koshuise woon beter presteer as mans wat privaat woon. Oriëntering sonder fisiese oefeninge sal meer bevorderlik wees vir akademie, maar minder bevorderlik vir 'n gevoel van gehegtheid aan die universiteit.

### Praktyk

'n Seniorstudent, mnr. Taljaard, voel baie positief teenoor oriëntering. Hy het voorheen op UP gestudeer en het gevind dat niks met eerstejaars uitgerig kan word nadat oriëntering afgeskaf is. Oriëntering is nodig om 'n ware Puk-gevoel te skep. Die praktyk het dus bewys dat die afskaf van oriëntering 'n slegte gees in die hand werk.

### Teoreties goed, maar . . .

Twee anonieme studente meen dat ontgroening minderwaardigheidskomplekse meebring. Oriëntering gee negatiwiste kans om hulleself te laat geld. Positiewe eerstejaars word deur negatiwiste in oriëntering omvorm tot leeglêers en negatiewe pasifiste. Oriëntering ontneem individualiteit. In teorie is oriëntering baie positief, aangesien 'n groepsgees, 'n groepskarakter, dié van Afrikaner en Puk, daardeur uitgebou kan word. In die praktyk ruk dit hande uit. Die enigste oplossing hiervoor is die afskaffing van oriëntering.

### Besinning

Dit blyk dus dat verskeie mense verskeie dinge dink en dat dit tyd geword het dat alle betrokke partye saam deeglik en christelik oor oriëntering moet besin.

**OM 'N PUK TE WEES IS OM 'N PUK TE GROET**

## Uit die Woord

## DIE LAGTYD VAN DIE JONGELING

*Spreuke 15:13(a): ,,'n Vrolike hart maak die aangesig bly . . ."*

*Ag hoe lekker kan die wêreld rondom ons soms lag en baljaar. 'n Vrolike wêreld . . .?*

*Kyk ons egter dieper na die hart van daardie wêreld,dan merk ons agter daardie vrolikheid 'n diepe neerslagtigheid, 'n donker wanhoop, 'n knaende vrees.*

*Agter die oppervlakkige vrolikheid is daar –*
*die traan in die oog;*
*die frons op die voorkop;*
*geen blye vonkel in die oog nie.*

*En die raad van Salomo is nie kosmetiese chirurgie nie, want dit is nie die gesig wat die probleem is nie, maar die hart. As die hart waarlik reg is, dan moet dit buite op die gesig wys. Die gesig is die uithangbord van die hart.*

*In die hart van die Christen kan tog geen verdriet wees nie, maar blydskap. Ons glo tog in die ware Evangelie en evangelie beteken blye boodskap. Die blye boodskap dat God die Vader ons in Christus as sy kinders aangeneem het. Dat Hy ons elke oomblik onderhou en regeer. Dat Hy ons troos met die nuwe lewe in Christus - 'n lewe van ewige blydskap en vreugde. Juis daarom is die vrolike aangesig so eg-eie aan die Christen want in die hart is daar ewige blydskap.*

*Weet u - vrolikheid in die hart en blydskap op die gesig is ook 'n eis van God.*
*Fil. 4:4 – verbly julle altyd in die Here.*
*I Thes. 5:16 – wees altyd deur bly.*
*Ps. 100:2 – Dien die Here met blydskap.*

*Die Here eis blydskap van ons, maar ook dit gee Hy aan ons. In Gal. 5 is blydskap een van die vrugte van die werksaamheid van die Heilige Gees.*

*Dit is eintlik maar nog die begin van 1978. Die eerste Wapad – die begin van nog 'n akademiese jaar. Vir baie is dit die begin van hulle studentelewe.*

*Studentelewe die lagtyd van die jongeling. 'n Kampus vol blye gesigte. Dit is mooi; dit moet ook.*

*Maar onthou.*
*Jy wat jou blydskap in die Here anker.*
*Jy wat jou hart voed met die blye evangelie van Gods Woord.*
*Vir jou is dit nie valse vreugde nie, maar ware vreugde.*
*Jy kan gehoor gee aan die wekroep van Prediker: (Pred. 11:9,10)*

*,,Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid . . ."*

*Studentelewe – die lagtyd van die jongeling. Advies vir jou: 'n vrolike hart maak die aangesig bly. 'n Hart waarin die Heilige Gees woning gemaak het. – Ds. S.J. van der Walt.*

## UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

Geagte redakteur,

Ek wil aan u my mening stel ten opsigte van oriëntering. Vandat ek aan die Puk geland het, soek ek na duidelikheid oor die saak, en hoewel ek nog nie volkome duidelikheid daaroor het nie, het die lig vir my begin opgaan. Dit het vir my duidelik geword dat die beginsel van oriëntering daarom draai dat die nuwelinge se "matriek-kompleks" afgebreek moet word, sodat ons van hom/haar 'n ware Puk kan maak. Hierdie saak kan natuurlik in die mooiste woorde toegedraai word, en tog kan dit nie ontken word nie dat dit ten slotte daarom gaan om 'n sekere "oningewydheid" by die nuweling te vervang met 'n nuwe houding. Die nuwe wat by die nuweling tuisgebring word, word meesal aangedui met iets misties soos die "Puk-gees", en daarom is dit belangrik dat die eerstejaar 'n onwankelbare vertroue en lojaliteit teenoor sy koshuis en die Puk ingeprent moet word.

Dit is vir my duidelik dat hierdie basis van die oriëntering enige revolusionêre filosofie eer aandoen, omdat dit onontkombaar van 'n revolusionêre mensbeskouing uitgaan. Is ons werklik so wonderlik dat ons van die eerstejaar 'n nuwe mens kan maak? En as die nuwe Puk wel 'n lojaliteit teenoor sy nuwe universiteit behoort te ontwikkel, waarom moet ons dit in hom indons met 'n klomp maatreëls wat enige persoonlike poging bloot ignoreer? Is ons dalk bang dat die eerstejaar nie lojaal teenoor die Puk sal wees nie, tensy ons hom dwing?

U moet goed verstaan dat ek nie die plek aan die eerstejaars wil oorgee om te maak soos hulle smaak nie. Dit is seker dat 'n eerstejaar op sy plek moet wees, maar dieselfde geld vir die seniors. Daar behoort geen ander gedragsreël vir die eerstejaars te geld as vir die seniors nie. Die bestaan van sulke reëls bevestig my argument teen die oriënteringsfilosofie!

Om te bewys dat ek nie die brief aan u rig om af te breek nie, wil ek die volgende voorstelle aan u voorlê:

1. Laat die SSR hulle bepaal by hulle werklike taak. Ons is tog studente, en beweeg dus op die terrein van die wetenskap. Dit lyk vir my of die SSR se werklike taak is om leiding te neem onder die studente op die vlak van die wetenskap. Dit gebeur glad nie op die oomblik nie.
2. Spits oriëntering toe op hulp, raad, bystand en leiding aan die nuwelinge op die terrein van die wetenskap. Dit is met uitsluiting van enige vorm van "inbreking"; enige optrede wat gemik is op die inbreek van eerstejaars behoort met niks minder nie as skorsing gestraf te word. Seniors behoort nie bloot op grond van hulle senioriteit gesag oor eerstejaars te hê nie.

Sal u asseblief die SSR se reaksie op hierdie skrywe duidelik aan die studente uitspel sonder om doekies om te draai.

BRIEF VERKORT (Red.)

**Theuns Eloff antwoord:**

**Die hele kwessie van oriëntering is 'n baie belangrike saak. Daarom is die Studenteraad bly oor menings wat gelug word en dat u bespreking oor hierdie kwessie in die WAPAD toelaat.**

**Ek gaan kortliks die SSR se standpunt oor oriëntering stel en daarna kommentaar lewer op die meegaande brief.**

**Terwyl dit 'n voldonge feit is dat geen stelsel volmaak is nie, is die beginsel van oriëntering van nuwelinge t.o.v. 'n vreemde situasie tog kerngesond.**

**Die gesagstruktuur en gesonde tradisies en gewoontes, is deel van hierdie vreemde situasie wat vir die nuweling "oopgemaak" moet word.**

**In 'n twintigste-eeuse wêreld waarin individualisme aan die orde van die dag is, is die eenheidsgevoel onder mense in dieselfde situasie. Dit is 'n tweede belangrike aspek van oriëntering. Die belangrikste resultaat hiervan is die lojaliteit teenoor die Puk en daarna teenoor die koshuis – hieruit vloei weer 'n gesonde kampuslewe en gemotiveerde leiers.**

**Alhoewel daar baie ander fasette is, is dit die kern van die beginsel van oriëntering.**

**Die briefskrywer koppel hierdie oriëntasie sonder kwalifikasie aan 'n revolusionêre mensbeskouing. Dit is uitgaande van die beoogde mikpunte soos hierbo gestel, totaal en al sonder grond. Daar word nie gepoog om "nuwe mense" te maak nie, maar om 'n ingesteldheid teenoor sy Alma Mater te ontwikkel – iets wat nie 'n persoonlike poging ignoreer nie, maar juis daarvan afhanklik is. Niemand dwing 'n eerstejaar of kan hom/haar dwing om lojaal te wees nie – dit is per slot van sake 'n besluit wat elkeen self neem.**

**Wat betref die voorstelle van die skrywer, wil dit my voorkom asof hy die taak van die Studenteraad wil vereng tot dié van 'n blote oorkoepelende liggaam van junior wetenskaplikes. Sonder om hierdie taak, wat wel deur 'n sub-studenteraad, nl. die Akademiese Raad, behartig behoort te word, te negeer, wil ek tog die mening lug dat die Studenteraad 'n groot taak op die nie-akademiese terrein het – spesifiek dié van die georganiseerde studentelewe.**

**Daarmee wil die Studenteraad nie ontken dat daar geen probleme met oriëntering is nie – daar is nog te veel seniors wat oriëntering as nie slegs "uitbreek" beskou nie, maar selfs "afbreek". Daar is te veel seniors, veral tweedejaars, wat oogmerke van oriëntering vergeet en 'n houding van "ek het afgetjop – nou sal hy aftjop!", aanneem. Dit is sake wat sekerlik aandag, nie net van die SR nie, maar van elke Puk, moet geniet.**

**Die wins- en positiewe aspekte van oriëntering bly egter nog by verre groot genoeg om dit as 'n onontbeerlike deel van die Puk se studentelewe te behou.**

## ORIËNTERING:

# 'N GESONDE TRADISIE

**"Student sterf aan deegpil". Hierdie woorde het die pers sowat twee jaar gelede telkemale gebruik om ontgroening te verdoem.**

Die PU vir CHO is een van die weinige Universiteite wat nog tradisioneel 'n oriënteringstydperk inruim vir die nuwe aankomelinge. Vanjaar is hierdie tradisie voortgesit alhoewel met 'n baie makker gesindheid.

Hieroor is die oumanne minder gelukkig. Waar is die tradisionele "tekkie parties" wat alle probleme regstel, en die modderbaddens?

'n Meningsopname onder die seniors het getoon dat hulle oriëntering sien, behalwe vir die afbreking van die sogenaamde matriekmentaliteit, as 'n handhawer van tradisies.

Volgens mnr. Frans Potgieter, 'n 3de jaar HOD student, is die oriëntering 'n versnelde inskakeling wat andersins baie langer sou geneem het. Met dié word die nuwelinge nouer betrek by die Puk-aktiwiteite. Daar moet egter teen oordrewe oriëntering gewaak word want dit kan die gees benadeel eerder as om dit te bou, volgens mnr. Louis Bezuidenhout.

Mnr. Potgieter betwis die stelling dat daar vandag 'n sagter geslag student op die Puk is as dié van twintig jaar gelede. Volgens hom sou die oriëntering net so rof gewees het indien die owerhede nie 'n beperking daarop gestel het nie.

Albei die here is dit eens dat die oriëntering die tradisies van die Puk tot voordeel strek.

Onder die eerstejaars heers daar self 'n positiewe gees. Die meeste van hulle het die twee weke geniet maar voel dat die "seniors hulle moet uitlos om hul eie gang te gaan na die twee weke".

'n Groot getal eerstejaars het reeds hul diensplig voltooi. Dis duidelik dat hierdie persone bo die ander jare uitstaan wat direk na skool kom studeer. Volgens 'n eerstejaar wat nie sy naam genoem wil hê nie, behoort seniors en veral tweedejaars "wat te slap was om eers te gaan aftjop" nie aan oriëntering deel te neem nie. Van die eerstejaars was reeds twee jaar in uniform en dus ouer as die tweedejaars wat hul ontgroen. Sodanige senior is slegs die meerdere op akademiese gebied.

Hierdie optrede teenoor eerstejaars breek eerder die gees af en 'n negatiewe houding word ingeneem: 'n Bloot menslike verskynsel wat ongelukkig die tradisies van die Puk tot nadeel kan strek – ook die toekoms van oriëntering.

## Sinvolle gesprek

Die Redakteur

Net 'n paar gedagtes met betrekking tot ontgroening, met die hoop dat ons 'n sinvolle gesprek aan die gang kan kry:

(a) in watter opsigte is ontgroening 'n Christelike, Bybelse beginsel?

(b) aangesien die meeste mansnuwelinge reeds 'n jaar se militêre opleiding agter die rug het, asook sommige van die dames, is dit noodsaaklik dat hulle ontgroen word?

Ek het persoonlik geen beswaar teen snaakse en kleurvolle kleredrag en dié soort ding nie, maar dit lyk my asof oriënteringstyd soms ruimte vir kwaaddoenery skep, en ek twyfel of dit christelik is om mense simpel en doodmoeg te laat voel. Bestaan daar nie 'n gevaar nie dat van ons onryper eerstejaars baie onwelkom sal voel en selfs die Universiteit sal verlaat?

Die uwe
DAVID LEVEY

## Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp 6038
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestorf Vergeet-my-nie 5511/5512
SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIESE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376
REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375-/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Jurjen Suurd; Buks Steenkamp; Liberalia 22129



*Theuns wend 'n vergeefse poging aan. Dis neusie verby met die S.R.*



*'n Moedelose Door*



*ZOKS in onderonsie met die "nuwe" S.R.*

# OPPIEKANT VANNIE PUK . .

**Nie oorkant die voor nie, ook nie heeltemal duskant Parys nie, maar net so Oppikant van Potch. se dorp, is 'n manskoshuis geleë met baie moontlikhede vir 'n "groot" '78.**

Mens is geneig om 'n nuwe ding met twyfelagtigheid te aanvaar, maar vir baie Pukke is dit nog moeiliker om die verdeling van die mansdorpstudente in drie koshuise te aanvaar.

Dalk is dit te wyte aan die laks gees van onbetrokkenheid wat in die verlede so kenmerkend van dorpstudente was. Dit is juis die lomp uitgestrektheid wat die nuwe verdeling van die dorpskoshuis regverdig en die bewys dat dit suksesvol is, het alreeds tevoorskyn gekom by die Eerstejaar-atletiekbyeenkoms. OPPIEKANT het met slegs 27 eerstejaars daarin geslaag om die vierde plek weg te raap en dit voor groter en meer gedugte teenstanders!!

Of hierdie verdeling enige verdere sukses gaan hê, hang hoofsaaklik af van die mate waarin elke senior en eerstejaar homself met koshuissake gaan bemoei.

Ons stel ons vertroue in die eerstejaars se samehorigheidsgevoel en hul trots vir OPPIKANT; 'n koshuis wat al sedert die eerste dag van oriëntering duidelik van sy KANT af van hom laat hoor het. As alle seniors gewillig is om hulle volle gewig op hierdie kant in te gooi kan dit nie anders as om 'n reuse sukses te wees nie.

Die eerstejaar-atletiekbyeenkoms het verskeie hoogtepunte, soos eerste plekke in die 800 m, 1500 m en 3000 m vir OPPIKANT opgelewer. Met so 'n afskop vir ,78 sal OPPIKANT teen die Desembereinde van die wedstryd sy teenstanders kapu(?)t hê.

Welkom aan die seniors!!

## HOMBRÉ


Ons manne hier op die grens wil net graag aan Prof. Tjaart sê ons onderskryf u optrede tydens die konsert van Saterdagaand. Die meerderheid Hombré-manne gaan vanjaar poog om onvoorwaardelik Christelik-Nasionaal en onbeskaamd Afrikaners te wees.

Die oriëntering in Hombré is sonder enige ongevalle agter die rug en ons kan met reg sê dat die hele doel van oriëntering vanjaar in die regte perspektief gesien is. Die nuwelinge voel al eg Hombré-manne en is klaar Pukke in murg en been; die Puk gaan voorwaar vanjaar 'n groot jaar beleef.

Al gewonder hoekom ons manne so stil is? Man, die kos is te lekker vir woorde. Ons kan nou weer 'n slag leef en etenstye is nie meer 'n straf nie.

Die gasvryheid en vriendelikheid van al die dameskoshuise lê ons manne baie na aan die hart. Ons is werklik trots op ons Pukdames.

So in die begin van die nuwe jaar wil Hombré aan al die Pukke sê sterkte met die akademie en mag God se seën op u arbeid rus.



*Jannie Coertze Hombré*

## OM OOSTERNOOI TE WEES . . .

**Ja, wat sou dit tog beteken? Sou dit mal gaan en voluit gaan beteken?**

Sekerlik. Studentwees is tog om alle inhibisies so effe eenkant te skuif. Om langs die sportterrein jou keel hees te skree; om op die sypaadjie te sit en roomys eet; om 'n roos uit die rektor se tuin te steel.

Tipies van haar geslag hou 'n Oosternooi ook daarvan om mooi aan te trek en voor die spieël rond te draai. Soms wil sy ewe fyntjies en deftig eet by kerslig. Soms wil sy ewe verspot in haar denim meedoen aan 'n waatlemoensmeer.

'n Oosternooi is iemand wat weet hoekom sy hier is. Ook vir die akademie gaan sy nie slapknie en lamlyf nie. Sy weet darem 'n ietsie van die politiek en lees Karel Schoeman. Sy hou van Antjie Krog en Demis Roussos. Sy sit soms langs die Mooirivier en droom. Sy verlang soms. Sommer net. Sy's 'n voluit Puk. Sy's 'n dame. Sy's 'n grootoog meisietjie. Sy is 'n Oosternooi.

## ONS SÊ: VERGEET-MY-NIE

**Saam met al die oudames se nuwejaarsvoornemens het Vergeet-my-nie op 56 nuwe inwoners se lippe gerus. Ons het besluit die jaar moet groot wees!**

In al die hoekies en draaie van die koshuisgange heers daar 'n positiewe gees. Elke nuweling is bereid om met lojaliteit en welwillendheid voort te bou op die reeds standvastige basis van Vergeet-my-nie sowel as dié van die PU vir CHO..

Die verantwoordelikheidsbesef van elke Vergeet-my-nietjie sal weereens sorg vir 'n gesonde balans tussen akademie, sport, ontspanning en koshuislewe...?

Karnaval saam met Overs beloof groot dinge en danksy die dore-en-drake interaksies sal daar groot menigtes saamkom by die vlotbou.

Saam met die skoongewaste eerstejaargesigte, moedige HK en lewendige seniors wens Vergeet-my-nie elke ander koshuis sukses toe. Ons sien uit na elke kompetisie waar spangees en integriteit ons rigsnoer sal wees.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**



*Ansie Scholtz*

## Ansie Scholtz geniet haar pos

**Aan die begin van 'n nuwe jaar is dit tyd vir baie nuwe dinge, en daarom begin ons sommer met "nuwe" mense. Een van die "nuwe" mense is dorp-dames se primaria – Ansie Scholtz.**

Watter heerlike tydjie was dit nie om met haar te gesels nie. Sommer so heel vriendelik het sy gesê: "Hi, ek is Ansie". Die reënerige dag het geen invloed gehad op haar nie en sy het heerlik gesels en die gelag het nie weggebly nie.

Dit is die 2de jaar wat sy prim. is en sy geniet dit baie. Praat mens van weggaan, (sy is vanjaar finale jaar en besig met H.O.D.) dan val haar gesig en vertel sy jou van al die lekker dinge wat volgende jaar kan gebeur. Sy bly in Huis Nellie Swart, maar blykbaar het sy haar lewenslus in Noord-Kaapland in Stella gekry.

Vir haar is die interpersoonlike verhoudinge tussen die studente baie aangenaam maar sy sou graag wou sien dat die PUK-massa nog nouer betrokke moet wees, en sy sal dit sommer regkry as sy so vriendelik bly. Sy het egter ook haar kwota staal weg in haar samestelling maar dit en haar fynheid balanseer haar tot 'n gelykmatige, gebalanseerde, warm, vriendelike persoon.



*Spanwerk onder die jare.*



*Klaas Louwrens*
*Makouvlei*

# DIE BONT SKILPAD LEEF

**Die huiskomitee en hul primaria het sommer vroeg-vroeg in 1978 begin skouer aan die wiel sit. Hulle was skaars terug van Kampusfokus toe word hulle al ingespan. Potplante en matte is aangekoop, en selfs asbakke wat hierdie keer ietwat onmoontlik is om weg te raak. Wag-'n-bietjie nooi dan ook alle ander dameskoshuise uit om te probeer verbeter op hulle eie unieke binnehuisversiering.**

Ella lange vergaderings is gehou, met die "slawedrywer" altyd aan die voorpunt. Dis oriënteringsprogramme, kamerplasings, karnaval, portefeuljes en so tussen in daag die eerste angstige eerstejaars van Wag-'n-Bietjie een vir een op.

Die Maandag van 30 Januarie 1978 sal seker soos elke jaar, nog lank onthou word. Dis netjies, uitgevatte jong dames, met 'n trotse vader en moeder aan elke sy. Dan is daar ook nog die ouma en dan natuurlik die bagasie. Houers wat alles vanaf klere tot kleinkoekies tot hoede tot potplante bevat word in die volgepakte voorportaal afgelaai.

Vader se oë rek merkbaar as sy tjekboek se blaadjies al minder raak, en boonop alles dring dogter dan ook nog aan op 'n hele stel Wag-'n-Bietjie bekers en 'n hempie.

Gretige oë volg die H.K. die trappe op, vol selfvertroue word die vragmotor vol bagasie nou in die hysbak geplaas. Min het hulle geweet dat daar die volgende twee weke net trappe gehardloop sal word.

Daardie aand het die H.K. hulle hande vol gehad om te troos en te probeer Pukke van die dore te maak.

Die dames van Wag-'n-Bietjie wil dan ook net hê dat die ander dameskoshuise moet weet dat hulle, 'n Jompiemater het, 'n lied so eie aan die koshuis.

Snags, nadat die dore in die bed gesit is, het die H.K. begin makietie hou.

Braaivleis saam met Over de voor by Boskopdam, heerlik! Die huiskom kan nou nog nie oor daardie sappige hoender en vleis kom nie. Hulle sê dan weereens op eg Wag-'n-Bietjie wyse, dankie.

Met een van die aksies is die manne van Caput heeltemal bankrot geëet en gedrink. Die H.K. van Caput waag dit toe mos om die slawedrywer van Wag-'n-Bietjie en haar span na die padkafee te neem. Wel, dit is nie aldag dat jy die geleentheid kry om op Caput se rekening te eet nie.

'n Engelse aandjie saam met Klooster was ook 'n aksie uit die boonste rakke. Die Klooster manne se voete het nie min gejeuk nie. . . Klooster, ons sien uit na Karnaval, hou julle solank reg vir iets groots.

Vrugtefondu vir Hombré en 'n roomysrige, knus aandjie saam met die manne van Amajuba was net so lekker. Wag-'n-Bietjie hou van Amajuba, dit is nou nie altemit nie. Hulle is almal sulke sterk, rustige jong Pukke. . .

Die aandjie saam met Liberalia en Makouvlei sal seker ook nog lank onthou word. Gedeeltelik as gevolg van die aanhoudende knoffelreuk drie dae later en dan ook omdat Ina Swanepoel daardie aand begin verjaar het.

Ook die S.S.R. onthaal was een reuse sukses. Die vietse dore het hulle by die S.S.R. kantoor gaan afhaal, en dit was net blomme en nogmaals blomme. 'n Warm Hawai met 'n sonnetjie wat net-net wil ondergaan het hulle by Wag-'n-Bietjie ingewag. Vrugtefondu en doopsouse. Dit was waatlemoen, spanspek, piesangs, ag noem dit, dit was daar.

Ná 'n tipiese Hawai dans, was die manne van die S.R. se eetlus so goed, dat die arme dore net moes kou en sluk om by te bly.

Ná Hawai se vrugte opgeraak het, en dit ook nie meer nodig was om te dans nie, is daar gesing en vetkoek geëet. Na aanleiding van die stroopgesigte van veral Helena Stoker en Danie Stoltz, moes dit heel goed afgegaan het.

Askies en nogmaals aksies is toe Woensdagaand afgesluit met die Engelsgesinde Klooster. Wat was op die spyskaart:-

Irish coffe en Banana boats.

Wag 'n Bietjie het hierdie jaar 'n wonderlike gees, en soos hulle sê, 'n goeie begin is half gewin. So Pukke, wees op die uitkyk vir die geel en swart skilpad.

# PUKKE KOM HELP

**Die beplanning vir karnaval '78 wat vanjaar talle nuwighede sowel as die tradisionele insluit, is goed op dreef.**

Die Pukkie, karnavalblad van die P.U. vir C.H.O., sal vanjaar op 'n nuwe manier versprei word. Daar word verkoopstoere gereël op 25 Februarie en 4 Maart, waartydens dorpe soos Kroonstad, Welkom, Sasol en Rustenburg aangedoen sal word. Op Karnavaldag word die Pukkie in Potchefstroom en Klerksdorp versprei.

Daar sal ook 'n orkeskompetisie gehou word op Saterdag, 11 Maart. Terwyl die trapkarwedren plaasvind, sal die orkeste beoordeel word op grond van afgerondheid, algemene indrukke, instrumentale aanbieding en entoesiasme. Slegs bona-fide studente van die universiteit mag deelneem.

Die Mooirivier-spele vind ook weer vanjaar plaas. Bekende sportmanne soos Dawie Malan, Pierre Spies en Fanie van Zyl sal aan die Super-sportmankompetisie op Vrydag, 10 Maart deelneem. Die tradisionele stalletjies sal weer vanjaar deur die koshuise gebou word, maar word aan buitepersone verhuur. Die tema van elke stalletjie moet ooreenstem met die artikel wat daar verkoop word. Veral kleur, vrolikheid, en stewigheid sal by die beoordeling in ag geneem word.

Die Karnavalhempies wat op die oomblik gedruk word, sal te koop aangebied word teen R3.00 stuk. Daar sal ook vyfhonderd Karnavalskouersakke verkoop word teen R2.50 stuk. Dieselfde ontwerp van die T-hempie word op die skouersakke gedruk.

Nog 'n nuwigheid van vanjaar se karnaval is die motorfietstydren wat met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Weermag op die Modderfontein-keuringsbaan gehou word. Die tydren word in twee afdelings verdeel. Daar sal 'n geleentheid wees vir studente wat met 'n help-my-trap teen 'n 1000-Kawasaki wil kompeteer. Die ander wedren is meer ernstig van aard en sal volgens tydrenreëls gery word. Deelnemers sal in verskillende klasse deelneem. Alle Pukke - ook dames - is welkom om deel te neem.

Die Mielieland-fietstoer word op die derde en vierde Maart aangebied. Ander sportgebeure is die sewemanrugby-toernooi en dubbelpaaltjie-kriekettoernooi wat op 10 Maart plaasvind.

Die kapitaalskatjies (Pukdebutante) het reeds goed gevorder met die geldinsameling.

Modeparades sal op 4 Maart gehou word teen R2,-00 per kaartjie vir studente en R10,00 vir ander mense. Studentevaria word ook in die karnavalweek vanaf die kampus uitgesaai. Die revue van die Alabama-studentegeselskap word in dieselfde week in die Totiussaal aangebied.

Benewens die massa-etefees gaan daar ook 'n Puk-Wits-kompetisie gehou word op Vrydagaand, 10 Maart. Die Puk se eerste, tweede en o/20-rugbyspanne sal teen Wits meeding. Ook die finaal en semi-finaal van die sewemanrugby sal dan op Olienpark gespeel word.

Dit is duidelik dat hierdie Karnaval 'n besige een gaan wees. Alle Pukke word deur die Karnavalkomitee versoek om vroegtydig hulle sake te reël. 'n Volledige karnavalprogram sal in die volgende Wapad verskyn.

# Kulugesin is tuis

**Maandag, 6 Februarie - Een na die ander motor hou voor die grou ou gebou van De Klerkhuis stil, net om 'n paar minute later weer met 'n heelwat ligter vrag te vertrek.**

**Die twee en 'n halwe maande-lange stilte wat die grouheid van die koshuismure erg beklemtoon het, word geleidelik opgehef deur die vrolike klanke van enkele meisiestemme wat opgewonde en deurmekaar babbel en uitvra oor die vakansie.**

Snaaks - met elke motor wat aankom en vertrek, lyk Kulu se mure skielik minder grou, ja eerder warm, vriendelik, openhartig, vertroulik ... Ja, dis die ware atmosfeer van 'n ware-ware tuiste. Geen wonder dat ou Kulu elke sekonde gelukkiger daarna uitsien nie, want elke sekonde vul nog 'n vrolike stem van een van sy dogters die reeds bestaande stemmesee aan.

Dis reeds baie laat, maar vanaand pla die donker nie, want drie en veertig gawe ouer dogters het gekom om die 24 jongste dogters wat alreeds vroeër gekom het, te leer, dat vader Kulu daarvan hou om sommer al van ver af vir die mense te wys hy is gelukkig, en dit deur die talle blinkende ligte wat deur die vensters skyn, waar vroeër net dowwe, donker kolle onder die silwer maan sigbaar was.

Ja, Kulu se seniors het met 'n groot gejuig gekom. Saam met ons nuwe klein sussies is ons weer 67 sprankelende meisies wat gedurende 1978 die warm, polsende hart van Kulu op die PUK-kampus gaan ronddra.

# Dorp-dames is reg

**Dorp is net 1 koshuis maar met 'n hele paar wyke. Daar is 5 wyke wat elk 'n wyksverteenwoordiger het wat in nou kontak werk met die HK. Die verteenwoordigers word genoem wyksusters.**

Die dorp-dames gaan hierdie jaar die senior atletiek wen, want ons het dít! Ons hou karnaval saam met Thaba-Jäh en dit is die eerste jaar wat ons onafhanklik is van Dorp-mans en ons gaan ons geniet.

Die sêr-groep oefen al dik stukke en ons wil ook hierdie jaar louere inoes met ons sang. Dit sal nie moeilik gaan nie, aangesien ons al geskiedenis gemaak het by die rektor se huis.

Ons wil net vir alle dorpdames inlig dat ons nou ook 'n dagstudente kantoor het daar by die kunsklasse en kom gerus in vir 'n kuiertjie. Ook tree ons monitor stelsel in werking en ons beoog 'n 100% slaagsyfer van eerstejaars daardeur. Maak gebruik daarvan.

Wat die eerstejaars betref, baie welkom en mag dit goed gaan met julle. Dit is die meeste eerstejaars nl. 56 wat ons nog gehad het, ruk op en neem deel in julle massas.

# Klawerhof is groot

**Sestig splinternuwe eerstejaars het hierdie jaar hulle opwagting in Klawerhof gemaak. Te oordeel aan die aantal eerstejaars, moet Klawerhof se naam alombekend wees.**

Die seniors is met hulle terugkoms aangenaam verras op 'n nuutverfraaide koshuis. Die nuwe sitkamergordyne en lampskerms en al die nuwe plante is pragtig. Dit alles maak dit sommer lekker om terug te wees.

Die vakansie self het rustig sy gang gegaan. Sommiges moes werk - vir hulle is dit 'n welkome verposing om weer terug te wees. Vyf van ons seniors, Jaqueline Bakker, Heidi Smith, Marlene Yssel, Karien van Helsdingen en Isabella Pretorius het drie weke lank hul tyd nuttig verwyl deur die basiese infanterie-opleiding by Cachet-kommando te ondergaan. Vir Astrid, Erina en Willemien was die platsaktoer een groot fees.

Nou lê karnaval saam met Dawie Dup om die draai en Klawerhof is gemotiveerd om voluit te gaan daarvoor en dit 'n fees te maak.




### LEMOEN VIR JOU

ek gaan vir jou
'n groot rooi lemoen
stuur

Jy hou mos van lemoene

dan breek jy hom oop
en laat die trane
koud oor jou vingers loop

en jy hou nie van trane nie
nè?

Skrywerskring

### SIF

Jy hou nooit iets
vir jouself nie
Die fyn laat jy deur
en die goed
Die grof hou jy terug
en die sleg
Ek wens ek had
'n sif vir my dade
Ek het eintlik een
Maar hy is vol gate.

Elsie le Grange

### 'N VAAL KLAS

Moet ek hier sit
Hopend
Wagtend
Asof ek iets wil hoor
wat sin maak
As hy praat ... praat
Iets probeer sê
rollende bonsende
woorde sinne punte
kommas kommas
– kom as jy lus is –
– om tyd te mors –
paragrawe, boeke
professore wat woorde
gebruik om te klink
soos professore.
Woorde wat woordeboeke
sou laat swel
– as hulle daarin sou gewees het –
Nog steeds sit ek
in afgewaterde afwagting
sterwende belangstelling
toestand van winterslaap
soos 'n akkedis
sonder son
net oë
en oë
en O!
ek wens
ek kan loop
om net weer iets sinvols te kan doen

Elsie le Grange

### "SKYN"

Hoe haat ek jou
Jou blink gelaat
Jou ewig skynende gewaad
Jou skrefies oë
Jou vlymskerp tong
Jou lugleë ruggraatlose vraat
O jy's ook hier
Hier rondom my
Jy streel my rug soos 'n getroue maat
Maar eintlik sien ek
diep in jou.
Die kopbeengrynsing van jou haat
Jou duim is groot
Ons koppe klein
Vir ondergang het jy veel raad
Voor vreemdes glimlag
jy te teer
Voor nuuskieriges skryf jy
tjekke neer
Voor ander weet jy nie wat om te dra
Die klerekas spring los uit sy na'
Die klewerige vriende
lek aan jou beurs
Jy's in by die hoë's
Jy swot ingenieurs
Maar eendag o skyn
Trek jy die lus los
En voor jou op die grond
Daar lê die gemors
Die klewerige vriende
Se oë wil omvou
Die arme agterblewenes
Is gedompel in rou
O wat kan ek doen om jou nek
af te steek
Of bly ek as mens
Vir ewig 'n leek?

Elsie le Grange

## Drama doen die Tweekoparend

**Die Departement Spraakleer en Drama se eerste opvoering vir 1978 heet DIE TWEEKOPAREND deur die Franse dramaturg Jean Cocteau.**

Dit is die romantiese verhaal van 'n koningin wat deur 'n digter vermoor sou word.

Dit is die tragedie van Krantz wat altyd 'n raaisel sal bly.

Die moord vind egter nie plaas nie. Hoe het die moordenaar by die koningin ingekom? Op watter manier, deur watter dreigement het hy daarin geslaag om drie dae lank by haar te bly?

Dit is 'n dramatiese spanningsverhaal wat vanaf 10-18 Maart in die P.U.-Kamertoneel aangebied word. Die stuk word aangebied deur lede van die personeel van Spraakleer en Drama naamlik Elize Scheepers, Peet van Rensburg, Aldo Behrens, Liesbet Schoeman, Roeloff van den Bergh en Henk Wybenga onder spelleiding van Teunis Botha.

Dit is iets om na uit te sien!

*Nog steeds sit ek ... in afgewaterde afwagting ...*



*TRUIDA VAN DER WALT*



*FRANCOIS VAN DEN BERG*

# ONS EIE PIANISTE MAAK DEBUUT

**Truida van der Walt, oud-Alabamalid, en Francois van den Berg, oud-voorsitter van die Musiek vereniging, het hulle debuut as pianiste op Donderdagaand, 16 Februarie, in die Konservatorium saal gemaak.**

Hulle het klavierwerke van Bach, Haydn, Chopin, Brahms, De Falla en Messiaen voorgedra. Van hierdie werke het hulle onlangs 'n konsertprogram as deel van die eksamenvereistes vir nagraadse studie in musiek aangebied.

Truida van der Walt is geen onbekende voor Potchefstroomse musiekgehore nie en het al dikwels saam met ander deelnemers opgetree. Nadat sy in 1973 die graad B.Mus aan die P.U. vir C.H.O. voltooi het, is sy in 'n permanente hoedanigheid as lektrise aan die Departement van Musiek aangestel.

Reeds as student het Truida as pianis uitgeblink deur verskillende voordraerkompetisies te wen, soos o.a. in 1973 die Collegium Musicum-voordraerprys vir klavier. In 1976 het sy Meesterklasse bygewoon, aangebied deur Carlo Zecchi, gevolg deur 'n deelname in 1977 aan die Internasionale Beethovenkompetisie, waardeur sy baie ervaring opgedoen het.

Francois van den Berg is sedert die begin van hierdie jaar in 'n tydelike hoedanigheid aan die Departement van Musiek vir klavieronderrig aangestel. Sy besondere belangstelling lê in die praktiese aspekte van musiekmaak en hy wil hom in die toekoms op klavieronderrig toespits.

Francois het in 1975 die graad B.Mus aan die P.U. vir C.H.O. voltooi en het direk daarna vir nagraadse studie in musiek ingeskryf, met klem op klavieronderrig en komposisie. Hy het die graad B.Mus. Hons. verlede jaar voltooi.

Ons hoop om nog baie van die twee jong belowende kunstenaars te hoor.

# Ontwerpkunstenaar stal uit

**Keith Ashborn, 'n jong ontwerpkunstenaar van Pretoria, se tentoonstelling van 40 akrielwerke en 14 halsversierings open op Maandagaand 20 Februarie om 19h30 in die Frans du Toit gebou. Die uitstalling duur tot 4 Maart.**

Die tema van sy skilderye is hoofsaaklik die landskap van die Noordwes-Kaap en Suidwes-Afrika wat hy in uitgesproke, los kort penseelhale met helder ontwerpkleure as uitbundige visuele indrukke vergestalt. Hierdie werke is oor ongeveer drie jaar geskilder en dit lyk asof hy kleurgebruik fyner en soberder word, soos in die mooi skildery van skakelhuise in Fraserburg.

Sy fyn aanvoeling vir lyn blyk veral uit sy kundige ontwerp van halsversierings in geel- en rooikoper, wat met deeglike vakmanskap en netjiese afwerking gepaard gaan. Van hierdie werke kan sowel as hals- en muurversierings dien.

Die uitstalling is die eerste van 'n reeks uitstallings wat jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging se Wes-Transvaalse tak in Potchefstroom gereël word.

Die kunsliefhebbers kan met groot verwagting uitsien na verdere kunsuitstallings van onder andere Lee Brews, Nola Strauss, Lea van Rensburg, Bettie Cilliers-Barnard en Chris Spies.

## Everhard sukkel

**Everhard Wiehann, die Suid-Afrikaanse kampioen en rekordhouer in die junior paalspringnommer was baie ongelukkig om nie plek in die paalspring te behaal tydens die eerstejaars se atletiekbyeenkoms nie.**

Dié ongeluk het hom getref toe hy aan verskeie ander items deelgeneem het en sodoende gerus het terwyl ander atlete reeds die paalspringnommer aangedurf het. Toe hy eindelik op 'n hoogte van 2,21 meter begin spring kon hy nie daarin slaag om binne die voorgeskrewe drie spronge oor die dwarslat te seil nie.

Dit was 'n baie terleurgestelde Everhard wat hierdeur nie een punt in die paalspring vir sy span, Dawie Dup, kon insamel nie. Gelukkig vir die Pukke sal hulle hom nog baie in die toekoms in aksie sien en kan hy met die hulp van Dawie Malan, die Suid-Afrikaanse rekordhouer, steeds bly verbeter.

# SPORT

## Sportprogram

**Krieket**
Eerste liga - Lionbeker
15 en 22 Februarie - Puk teen Weermag
18 en 25 Februarie - Puk teen Potchefstroom
Premierliga - Scorgiebeker
18 en 25 Februarie - Puk teen Vaal Reers
24 en 25 Februaire - S.F.W.-finaal - Stellenbosch
Koshuisliga

**Saterdag 19 Februarie**
C Veld - Dorp teen Over de Voor
D Veld - Dawie Dup teen Caput
E Veld - Hombré teen Klooster
Loslootjie Drakenstein

**Atletiek**
Saterdag 18 Februarie - Ian de Jongh-byeenkoms. Pilditch 13h30
Dinsdag 21 Februarie - Wes-Transvaal ope junior en senior byeenkoms Park Ovaal 18h00

# PUKKE OEFEN REEDS

**Die rugby manne van die Puk is reeds hard besig om hulle voor te berei vir een van die hardste seisoen wat voorlê. Nadat die Pukke verlede jaar een van hul beste seisoene die afgelope tien jaar beleef het, het hulle besluit om al die groot kannonne vanjaar te takel.**

Op die tiende Maart word Wits tydens die karnaval gepak. Hier gaan die Puk reeds voor sy eerste toets te staan kom, want kyk 'n bietjie wat het Alan Sutherland verlede jaar met Rhodesië gemaak. Met hom aan die spits lê daar 'n harde stryd vir die pukke voor.

'n Paar dae later speel die Pukke teen die Transvaalse kampioenspan. Diggers spog juis hierdie jaar met spelers soos Carel Fourie, Pierre Spies, Paul Bayvel, Kevin de Klerk, Moaner van Heerden en Johan Straus. Gelukkig het groot name die Puk nog altyd tot groter hoogtes aangedryf.

Behalwe die twee wedstryde is daar ook nog die twee intervarsities teen R.A.U. en UOVS.

Ongelukkig vir die Puk het hulle ses van hul voorste spelers verloor. Dit is egter geen rede tot trane nie, want met James Stooberg daar as afrigter en met die volle ondersteuning van al die spelers sal die Pukke weer oor 'n span beskik waarop elke Puk met reg op trots kan wees.

## Hombré en Karlien wen maklik

**Die gees onder die koshuise het weereens hoogty gevier. In die mans afdeling was dit veral Hombré, Caput en Dawie Dup wat die spanning hoog laat loop het. Wat Hombré se oorwinning nog soeter maak is die feit dat hulle deur middel van 'n spanpoging gewen het. Uit die agtien mans items kon die manne van Hombré slegs twee wen. Dit gee dat al die punte deur tweede en derde plekke behaal moes word. Voorwaar 'n prestasie.**

Karlien het by die dames baie maklik gewen deurdat feitlik al die bekende dame atlete in Karlien tuisgaan.

Die afgelope paar jaar is dit bewys dat indien 'n sekere koshuis goed vaar met die eerstejaarsbyeenkoms hy dan ook sy stem dik maak met die ander sportsoorte gedurende die jaar. Gaan die eerstejaarsbyeenkoms as maatstaf dien vir die verdere sport jaar?

Die volledige uitslag van die eerstejaarsbyeenkoms was as volg:

| MANS | | DAMES | |
|---|---|---|---|
| 1. Hombré | 91 | Karlien | 88½ |
| 2. Caput | 77 | Heide | 47 |
| 3. Dawie Dup | 66½ | Kulu/Dorp | 37 |
| 4. Oppikant | 47½ | Vergeet-My-Nie | 37 |
| 5. Over De Voor | 43 | Wag-'n-Bietjie | 25½ |
| 6. Villagers | 34 | Kasteel | 22½ |
| 7. Klooster | 26½ | Klawerhof | 2 |
| 8. Amajuba | 14 | Wanda | 14½ |
| 9. Drakenstein | 1½ | Oosterhof | 6 |


GROOT SAFARI SPORT

SKOONMAAK!



vanaf 20 Februarie tot 4 Maart 1978

SPORT-UITVERKOPING

- Hokkiestokke
- Sweetpakke
- Spykerskoene
- Landloopskoene
- Leotards
- Sokkertruie
- Tennisrokke
- Swemklere
- Ens. ens. ens. ens!

SANTAM ARKADE TEL. 7673
POTCHEFSTROOM 3361

# EERSTEJAARS BEÏNDRUK

**Die eerstejaars-atletiekbyeenkoms was gekenmerk deur die goeie gees wat daar onder die eerstejaars geheers het.**

Wat die atletiek betref was daar 'n paar goeie tweestryde, maar wat veral kenmerkend was, was die individuele uitblinkers. Die oes van werklike groot atlete was inderwaarheid baie skraal.

Allison Maré, Petro van Rensburg, Theo Pekelharing, Amanda Uys en Org Dannhauzer is enkele atlete wat in die toekoms nog baie van hulle kan laat hoor.

Allison Maré is die huidige Suid-Afrikaanse kampioene in die 100 m hekkies. Sy is nie 'n onbekende hier in Potchefstroom nie deurdat sy verlede jaar haar matriek eindeksamen aan die Hoërskool Gimnasium geskryf het. Sy het dan ook die hekkie item gewen in 'n minder goeie tyd van 16,0 sek. Sy het ook getoon dat daar van haar rekening geneem moet word deurdat sy in die 100 m nie baie ver agter Petro van Rensburg geëindig het nie.

Theo Pekelharing het getoon dat hy sonder enige teenstand steeds goeie tye kan hardloop. Op die stadige grasbaan en in die hitte van die dag het hy eers die 800 m rekord gebreek in 'n tyd van 1 min. 54,5 sek. en slegs een uur later het hy die 1500 m afgeblits in 3 min. 57,4 sek. As hy in die senior geselskap van Boebie Pienaar, Nollie Meintjies en Louise Liebenberg kom sal hy definitief tot veel beter tye as die in staat wees.

Amanda Uys is 'n middelafstand atleet van wie daar al veel gehoor is in die verlede maar wat in 'n mate teleurgestel het op die eerstejaars byeenkoms. Sy het egter sonder werklike teestand die 400 m en die 800 m vir dames gewen.

In die veld items was dit veral Org Danhauzer wat die botoon gevoer het. Hy het baie maklik met die ander atlete afgereken en die gewigstoot met 'n afstand van 13,85 m gewen. Die skyfwerp item het ook aan hom behoort.

Wat die gees op die paviljoene betref kan daar aan elke eerstejaar 'n woord van gelukwensing gerig word. Die besluit dat die sangbeker aan al die koshuise toegeken word het groot byval by die meeste eerstejaars gevind.



*Dames wat hul slag getoon het tydens die 1ste jaarsatletiekbyeenkoms*
*Staande v.l.n.r. C. Bensch; M. Slot, P. van Rensburg; L. Viviers; A. Marais; A. Uys.*
*Sittende: Y. Matthysen.*



*Die mans uitblinkers tydens die eerstejaaratletiekbyeenkoms.*
*V.l.n.r. C. van Wyk; O. Dannhauzer; D. Marx; J. Theron; P. Peens; T. Pekelharing.*

TELEVISIE EN RADIODIENSTE

LOMBARDSTR. 42
TEL. 6159

vir

ELEKTRONIESE REKENAARS
VERSTERKERSTELLE
LUIDSPREKERSTELLE
MOTORRADIO'S EN KASSETSPELERS
HOËTROUSTELLE
TELEVISIETOESTELLE

MOTORISTE

Kry elke week 'n GRATIS

WAS EN WAKS OP U MOTOR
ONDERSTEUN U EIE DIENSSTASIE

AS STUDENTE IS U GEREGTIG OP SPESIALE TARIEWE BY

HAROLD'S AUTO DIENSSTASIE
en
PAT'S MOTORS

Kerkstraat Potchefstroom

# Sportpersoonlikheid van die week

**Nanda Barnard is 'n baie bekende naam in Suid-Afrikaanse atletiek.**

Die meisie wat aan die Hoërskool Sasolburg gematrikuleer het, het 'n baie spontane geaardheid en 'n sterk wil om te wen.

Sy skryf haar sukses in die hoogspring toe aan verskillende aspekte. Motivering stel sy as die belangrikste eis om in atletiek te presteer. Nanda glo dat elke atleet 'n spesifieke doelwit moet hê en dat hy juis om daardie rede gemotiveerd word om elke dag te oefen. Tweedens glo sy dat 'n hoogspringer absoluut volle vertroue in sy afrigter moet hê en dat jy ook in hom moet glo. Dan moet jy ten laaste ook in jouself glo. Hiermee bedoel sy dat jy nie moet twyfel oor jou eie vermoëns om oor 'n sekere hoogte te spring nie.

Soos vele ander atlete volg sy 'n winterprogram. Dit sluit oefening met ligte gewigte in asook stamina oefeninge. Gedurende die kompetisie seisoen hardloop sy ook hekkies om sodoende haar veerkrag te verbeter. Sy glo dat sy heeltemal fiks moet wees want elke sprong kan vergelyk word met 'n 100 m wat genael word.

Nanda spog met 'n beste hoogte van 1,75 m. In die tydskrif S.A. atleet het sy die 2de plek naas Heidi de Kock op die verdienstelys verkry. Die verdienstelys word bepaal volgens jou prestasies deur die jaar gelewer.

Op hierdie stadium is haar doelwit om 1,80 m in die hoogspring te behaal. Onder die wakende hand van haar huidige afrigter Oom Jos Serakis glo sy dat sy wel daartoe in staat is.

Behalwe vir atletiek is die Sasolburgse meisie ook baie lief vir gimnastiek. Sy het bv. tot standerd 7 saam met Debbie Bingham, die eertydse bekende Suid-Afrikaanse kampioene en huidige rolprentster, geoefen.

Op die oomblik is sy nog buite aksie vanweë 'n rugbesering maar sy glo dat sy binne die volgende twee weke weer sal kan begin oefen.



*Nanda Barnard*
*(Foto: Jaco Pretorius)*

# Sportkorrels

deur ons Sportredaktrise

**Ek meen hierdie is 'n paslike noot om te druk in die begin van die jaar terwyl almal se ambisies, veral dié van ons nuwelinge, nog vol in die bloei staan.**

Daar is nogal 'n probleem – 'n nuwe plek, 'n nuwe situasie en – nuwe sportsoorte. Dit hang alles van onsself af wat ons, ook vir die PUK, op dié terrein kan beteken. Ons is geneig om 'n etiket van "sport" of "non-sport" om ons nekke te hang – maar hoekom dan nie probeer met volharding nie? Die volhardingseienskap van sport is beslis tot nut op alle ander lewensterreine. Ons is tog gesond – hoe wonderlik!

Skielik is daar nog 'n probleem – volharding. Op hierdie onderwerp kan mens tuinbou – in die teorie. Hierdie kuns lê egter in die praktyk. Daar is 'n neiging om op te hou volhard die oomblik wat ons, onwetend, die pylvlak bereik. Niks wat die moeite werd is val uit die blou hemel in ons skoot nie. Dit kos jarelange voorbereiding om jou doel te bereik: ure en maande se oefeninge, nagte van studie en moedeloosheid, maar die dag van bevordering breek aan. Dan sal ons sê: Dit was die moeite werd.

Ons staan nooit alleen in die volharding nie, dit moet ons nie vergeet nie.

So van die os op die esel. Daar is ontevredenheid omdat die sportinstituut vir die SR laat weet het dat hulle die atletiekreëls van die S.A.A.A.A.U. volg. Op die eerstejaarsbyeenkoms byvoorbeeld, het die diskusgooiers slegs twee oefengooie gehad terwyl die reël drie bepaal.

Kan daar nie maar, te wille van hulle net 'n kwartier vroeër begin word nie. Die outoriteite sal tog nie oor drie gooie besluit as daardie derde gooie sonder betekenis is nie.